ISSN 0258-0152

# SWART OP WIT

jg 2/4 belydenisgetrou en leesbaar September 1986

# HOE DIE BOERE HULLE DEUR DIE BRITTE LAAT MISLEI HET

Dis die ongelooflikste verhaal. Jy sou jou daaroor dood kon lag het. Dis nog snaakser as die aartsbiskop wat die drie groot leiers hel toe in plaas van hemel toe gestuur het.

'n Engelsman, met die naam Richard Brothers, raak tussen die jare 1757–1824 so ingenome met die magtige Britse Ryk, die Empaaier, dat hy begin glo daar móét eenvoudig 'n goddelike hand agter sit. Hy dink toe eiehandig 'n fantastiese fantasie uit waarvoor jy vergeefs by gesaghebbendes steun gaan soek. Hy sê: Hierdie meerderwaardige Britse mens oor wie se ryk die son nooit ondergaan nie, is 'n uitverkore volk. Dié uitverkore volk. Dit is die "verlore" tien stamme van Israel wat deur Klein Asië, dwarsdeur Europa, tot in die Britse Eilande getrek het, en húlle is nou die ware godsvolk van die Bybel.

Dis maklik te bewys ook. Die Hebreeuse woord vir verbond is "berit" en vir man "ish". Die "e" van berit is 'n shewa mobile, so jy kan maar (byna) van hom vergeet, en, siedaar: British! Verbondsman! Maar dis nie al nie. Die Britte kom van die Saxons af en dit kos net 'n bietjie verbeelding dan het jy "Isaac's son". En Isak was tog Abraham se seun, het jy nie geweet nie?

Maar ons is nog nie by die grap nie, hou jou lag.

Dat nòg Spengler, nòg Toynbee ooit van hierdie magtige historiese feit gehoor het, en Chomsky jou sal vertel dat Engels so min familie van 'n Semitiese taal is soos Tutu van Reagan, Thatcher en Kohl, is nie ter sake nie.

Brothers en sy opvolgers slaag daarin om met die loop van die jare twee miljoen – kan jy dink, twee miljoen – mense met verbeeldingskrag te oorreed dat hy iets beet het. Later voeg hulle Amerika by, want dié kom mos ook half van die Engelse af al wou hulle mekaar eers nie aanvaar nie. Selfs tee in

> ...for transporting iron ore. ... predec... ...the spec... ore-carrying vessels later in world-wide use. He died at Göteborg on Sept. 21, 1905. (P. DF.)
>
> **BROTHERS, RICHARD** (1757–1824), a religious fanatic who believed himself to be a descendant of David, "the nephew of the Almighty, the prince of Hebrews," and was the first to preach the theory of British Israel, was born in Newfoundland on Dec. 25, 1757. As a naval officer, he was retired on half pay after the peace of Versailles (1783) and was several times imprisoned as a debtor, having refused his pay on conscientious grounds. The publication of *A Revealed Knowledge of the Prophecies and Times* (1794), containing prophecy of the end of George III's reign and of the re-establishment of a Jewish kingdom composed of the lost tribes of Israel who were believed now to be in England, resulted in his confinement as a criminal lunatic. He continued to write prophetic pamphlets and gathered several followers, among them the engraver William Sharp, who afterward deserted him for Joanna Southcott (*q.v.*). Brothers died in London on Jan. 25, 1824. He was a favourite subject for contemporary caricaturists and satirists including J. Gillray and G. Cruikshank.
>
> **BROUGHAM, JOHN** (1814–1880), British actor and author ...early 100 plays, was born in Dublin, Ire., on May 9, 1814, ...

Na bl. 2

die water gegooi. Britanje is toe Efraim en Amerika Manasse — waarmee die geskiedenis later die spot sou dryf as Amerika die magtige word en die Britse bulldog sy tande verloor.

Toe kom 'n Amerikaner met die naam Herbert Armstrong. Hy annekseer Brothers en kie se teoretiese fantasie (oftewel fantastiese teorie), verkoop dit oor tientalle Amerikaanse radiostasies en in 'n tydskrif met die koddige naam Plain Truth, en gaan vandag nog daarmee voort.

En nou kan jy begin lag.

Toe kom 'n Afrikaner. Ja, 'n Boer, met die naam F.W.C. Neser, met 'n M.Sc.-graad, en hy annekseer die hele Britse storie vir die Boere! Dis nou nadat die magtige uitverkore Britanje die twee Afrikaanse republiekies na net drie jaar vermorsel het in 1902 en 27 000 vrouens en kinders in konsentrasiekampe laat sterf het. En op die oomblik is 'n hele aantal Afrikaanse mense naarstig aan 't Bybel lees omdat Neser sê die Bybel bewys die "Westerse blanke nasies" is die uitverkore volk van God, die "verlore tien stamme van Israel", en basta met die peperkorrels.

Ek gaan aan dr. Treurnicht self skryf. Hy was 'n goeie predikant in die NG Kerk, en hy weet dat die Brits-Israel-beweging 'n sekte is wat met die Christendom weinig te make het. Dis 'n Engelse herrenvolk-gedrog. In die volgende uitgawe van Swart op Wit sal ek sy antwoord publiseer.

Maar dat Boere jou waaragtig die Engelse storie sluk. Dat hulle 'n Duitser s'n kon sluk kon ek nog verstaan. Ek het self swastikas geteken toe ek nog 'n kind was. Maar Brothers en Strongarms se storie? My broers, ag nee, kom nou...

**Dít is die geheimenis: deur die verkondiging van die evangelie en in hulle verbondenheid met Jesus Christus, word ook mense wat nié Jode is nie, saam met ons deel van die volk van God en lede van die liggaam van Christus, en kry hulle ook saam met ons deel aan wat God belowe het. (Efes. 3:6)**

**Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één. En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God. (Gal.3:28)**

**Herbert W. Armstrong se dogmatiek gee jou ook iets om aan te dink. Wonder wat Smuts daarvan sou gesê het. Hy sê: "Christ does not save us in our sins but from our sins." We must repent of sin, repent of transgressing God's law which means turning from disobedience as a prior condition to receiving God's free gift.**
**Nee, dis nie Bybels nie, dis Armstrong e.a. se dwaling. Die Bybel leer dat God ons onvoorwaardelik gered het toe ons nog sondaars was.**

**SWART OP WIT**

Redakteur: Manie Malan
Mederedakteur: Elmer Erlank

ADRESSE
Bydraes: Die Redakteur, posbus 15185, Lynn East 0039
Tel: (012) 821105
Administrasie: Claritas, posbus 15621, Lynn East 0039
Tel: (012) 821105

OUTEURSKAP
Alle artikels waarby die outeur nie vermeld word nie, is van die redakteur.

KOSTE
Intekengelde beloop R20 per keer en is vooruitbetaalbaar. Een uitgawe van 20 bladsye kos ongeveer R3.

FREKWENSIE
SOW verskyn telkens as hy gereed is, maar nie meer dikwels as een keer per maand nie.

# KRUIS EN MUNT

'n Rubriek oor alles en wat

## Indikatief en Imperatief

Ek het 'n gemeentekonferensie oor die Trojaanse Perd gaan hou in die Noord-Kaap. Die Skriflesing was 2 Kor. 5:17-21. Toe staan daar 'n man op en hy getuig ten gunste van Campus Crusade for Christ, en later staan hy weer op en sê my moeilikheid is dat ek nie die verskil tussen die indikatief en die imperatief in die Bybel in ag neem nie. Die mense word sommer so stil. ('n Akademiese adviseur vir Tafelberg Uitgewers het dit ook geskryf oor Die Trojaanse Perd.)

Toe sê ek: Die kinders sal die vraag baie beter verstaan as die ouer mense, want die kinders leer nog grammatika. Indikatief beteken om aan en uit te wys, to indicate, om te sê, mee te deel. Jy sê iets vir mense wat hulle nie sou geweet het as jy dit nie gesê het nie. Imperatief beteken om aan te sê; jy doen 'n beroep op mense, gee hulle selfs 'n opdrag.

Toe illustreer ek dit aan die Skriflesing terwyl die lang man se glimlag al wyer word omdat hy seker is dat ek my nou gaan vasloop.

"Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens" — dis indikatief, 'n mededeling. Jy kan niemand aan die bors gryp daaroor nie.

"Die oue is verby, die nuwe het gekom." Dis 'n mededeling.

"Dit alles is die werk van God." Jy sien, ek sê mos. As dit alles God se werk is, hoe kan jy nou op die mense daaroor skree?

"Hy het ons deur Christus met Homself versoen..." Indikatief! Heerlike mededeling. Die onus het op óns gerus, maar toe doen Hý dit.

Dieselfde geld die res van vers 18 en 19.

Maar nou kom ons by die imperatief in vers 20: "...dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen". 'n Beroep, dís imperatief. Maar wat is die beroep? "Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hý bewerk het!" Byna was die Nuwe Vertaling verkeerd. Die proefvertaling van 1979 het hierdie imperatief van passief na aktief verander. "Versoen julle met God!" Gelukkig is dit gekeer. Want om te glo, dit is al wat ons kan doen, is om te **ontvang** . Die imperatief roep ons dus op om te glo dat God álles gedoen het.

Dit is onsin wat so baie dilettante verkondig: Dat die indikatief aandui wat God gedoen het, en die imperatief hoe ons óns kant ook moet bring om die verlossingsdaad te voltooi.

## Goeie Bybeluitleg

"Goeie Bybeluitleg is slegs moontlik in die vorm van 'n belydenis... Skrifverklaring buite die konfessie om, beteken niks.

"'n Mens hoef hierdie stelreël nie met 'n knippie sout te neem nie. Dit is absoluut waar. Die uitspraak moet wel kerklik en geestelik verstaan word. 'n Mens kan hieroor nie met prof. Doedes (lees deursneë moderne eksegeet — MM) praat nie, maar wel met Calvyn. Of liewer, Calvyn sal met ons hieroor kan praat, want hy is die vader van hierdie soort eksegese. As 'n mens daarom 'n soort Bybelondersoek begeer wat heeltemal los staan van die kerklike belydenis, berus dit op 'n gebrek aan begrip van dit waaroor dit wesenlik gaan."
(Noordmans, Vers. Werk., 2/364,5,6)

# Mostertsaad

Iemand het ná die geliefde en mooi Lydia hier by ons se vroeë dood en voor die begrafnis, gevra: Maar was haar geloof genoeg? Toe antwoord haar wyse skoonmoeder: "'n Mens se geloof hoef nie genoeg te wees nie. Al is dit maar so groot soos 'n mostertsaadjie.

# Examinvlaaters

* Waarom sou Jona graag Nahum wou gewees het?
Antwoord: Dan hoef hy nie Ninevé toe te gegaan het nie.

* Wat beteken: Die Woord het vlees geword?
Antwoord: Die mens se vleis het verdwyn en net bene het oorgebly.

* Waarom het Paulus die gemeente van Galate so skerp tereggewys?
Antwoord: Dit is die berg waar Christus gesteenig is.

* Voltooi (uit Jakobus): Wys vir my jou **verlede** wat sonder **sonde** is, en ek sal jou my **sonde** uit my **toekoms** wys.

# Maar net die Bybel?

Daar is oral 'n paar mense wat sinies geraak het oor die teoloë se getwis oor die Bybel. Dit is begryplik. Net so begryplik soos sommige teoloë se sinisme oor die politici se getwis oor die praktiese politiek.

Die kuur vir sinisme is egter nie apatie nie, maar volharding. Iemand wat sê dat hy vanweë die getwis van die teoloë nou maar net die Bybel lees, kan wel jammer gekry word, maar dis ook al, want dis 'n dwase standpunt — veral as hy gepropageer word.

Watter Bybel gaan jy lees? Die Afrikaanse Bybel? Wat dan van al die duisende dogmatiese keuses wat vertalers gedwing word om te maak? Nie net eksegeties nie, dogmaties en eksegeties. As jy die teoloë wil beweeg om mekaar nie meer te slyp en tot beter insigte te bring nie, watter reg het jy om die produk van hulle eeuelange nadenke en belydenisstryd teen hulle te gebruik?

Behalwe natuurlik as jy besluit om net die oorspronklike Hebreeus en Grieks te lees, maar dan sit jy weer met die wetenskaplike werk van Kittel en Nestlé.

In alle erns: Dis nie vir teoloë en selfs predikante lekker om te verskil nie, maar dis deel van die stryd wat die lewe is. Bid liewer vir die teoloë as om hulle dwaasheid met naïwiteit te wil oortref.

# Insiggewende Briewe

## 'N LEUEN OM TE BELY?

Ds. André van den Berg, Leonardville, skryf:

Ek het u blad Swart op Wit ontvang.
Ek wil vir u daarop wys dat u op p. 2 in die eerste kolom die volgende woorde sê: "... **ignorering** van die verbond..." Dit **is nie waar nie.** Ingeslote die boekie "Godsdiens kan gevaarlik wees." Lees asb. op p. 8. Daar is die verbond duidelik genoem. Ook in die eerste dissipelskap boekie oor Sekerheid.
Ek verwag nie 'n antwoord terug nie en ek stel nie belang in argumente nie, maar hierdie **leuen** sal u voor **God** en aan die **lesers** van u blad **moet bely!!**
Ons gemeente kan net **getuig** van die heerlike geestelike groei wat plaasgevind het, vandat ons die gemeentebou kursus begin toepas het. Ons is besig met Jesus Christus se laaste opdrag: Maak dissipels van al die nasies... Dit lewer vrug op.

**Antwoord: Die genoemde hoofartikel het nie beweer dat die woord "verbond" nie in die reeks genoem word nie, maar dat die verbond self struktureel daarin ontbreek. Genoeg deskundiges het dit ook aangetoon.**

## 'N WEERDOPER OOR DIE ERFSONDE WEER EENS

In die Mei-uitgawe van Swart op Wit het ons in die rubriek Kruis en Munt 'n kolom spandeer aan mnr. HAC (nie BHA) vd Berg van Parow se betoog dat klein kindertjies wat sterf nie verlore gaan nie, omdat God hulle die erfsonde darem nie sal toereken nie. Ons het daarop gewys dat erfsonde daarom, streng gesproke, nie meer kwalifiseer vir sonde nie, en dat hier 'n redding plaasvind buite die kruis om.

**Na bl. 6**

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/4 SEPTEMBER 1986

# MOENIE STEUR NIE!

**Meditasies oor Hooglied gebaseer op die Abisag-hipotese**

BYBELSTUDIE OU TESTAMENT

**2:7: "Sy linkerarm is onder my hoof, sy regterarm omhels my. Vroue van Jerusalem, ek smeek julle en ek roep die ribbokke en die takbokke in die veld tot getuie: moenie die liefde hinder en versteur voordat dit vervulling gevind het nie.**

Abisag het haarself in 2:1 (ons vorige aflewering) in 'n oomblik van vertwyfeling 'n beskeie veldblommetjie genoem. Toe het Salomo teruggefluister dat sy 'n lelie tussen dorings is. Dat niemand so mooi soos sy is nie. Dat, sover dit hóm aangaan, alle ander van die vroulike geslag onaantreklike dorings is — in vergelyking met sy ongeskonde lelie. Dat sy sy koningin is, sy prinses, sy onoortreflike. In die laaste woorde en oomblikke van tere liefdesomgang, is geen beskrywing 'n oordrywing nie.

Daarom rol die liefdeswoorde nou onkeerbaar van Abisag se koorsige lippe af. Jy is 'n appelboom ('n boom wat van die vroegste voortyd met liefde vereenselwig word); alle ander bome laat my koud, enigste man van my liefde. Jou skaduwee oordek my. Dis 'n magtige, 'n wonder, 'n towerskaduwee. Dit toor my tot 'n ander mens.

Jy moet jou maar in die stilte terugtrek om die opwekkingskrag van hierdie woorde te hoor en te voel. 'n Paar woorde later gaan sy vertel van sy linkerarm waarin sy lê en van sy regterarm wat haar omhels.

Jy is 'n appelboom vol liefde wat my oorskadu. Vergelyk, in erns, Luk. 1:35. Jou vrugte is soet in my mond. (2:3)

Dáárin lê die één vlees word van twee mense — soos God dit bedoel het. As elke enkele weerstand weggeval het, en elke teensin, en al die reserwes oor skoon en minder skoon, lekker en sleg, van wel- en onwelriekend. Jou eggenoot se liggaam, sy totale liggaam, is rein, is tempel vol wierook en smaaklik op jou tong. Niks, ja niks, is meer vuil nie.

Liefde heilig en reinig.

Ek kan nie anders as om altyd weer die kruis te sien as ek oor die wonder van die liefde dink nie. Liefde is sterker as die sonde, as alles wat vuil en besmet is. In die weerlose oorgawe van die kruis spel God sy diepste liefdesgemeenskap met sy bruidsvolk, heilig Hy haar, praat Hy sy liefdeshart leeg.

Ek wil my nie aan die kritiek blootstel dat ek goedkoop erotiek in die kruis inlees nie. Ek wil alleen maar nasê wat God Paulus laat sê: dat 'n man sy vrou moet liefhê soos Christus die gemeente liefgehad het. En dat God sy liefde in sy hoogte- en dieptepunt op Golgota sigbaar laat word het, waar sy liefdesvlam alles wat onrein is, skoongebrand het. Dit was weliswaar die verrassendste en onvoorspelbaarste gebeurtenis nóg in die geskiedenis, maar dit was tog (daarna) verstaanbaar vir elkeen wat die diepte van egte liefde ken.

* * *

Die laaste paar woorde van Abisag wil ek nie ontleed nie. Elke saaklike beskrywing daarvan voel na heiligskennis.

Hy neem my ... na 'n fees toe ... 'n hemelse fees ... terug na die paradys ... hy straal ... hy gloei van liefde ... (2:4) vir my ... Dis ék wat dit aan hom doen ...! Ek regeer die koning ...

Slegs as jy dit só lees, maak die uitroep oor die rosynekoeke en appels sin. Die liefde verteer my! Ek gaan op in vlamme! Ek is krank van liefde — sê die Ou Vertaling. Laaf my ...

"Sy linkerarm is onder my hoof, sy regterarm omhels my."

Nie een kommentaar oor Hooglied wat ek nog onder oë gehad het, verklaar nie uitdruklik dat hierdie laaste woorde presies beteken wat daar staan nie. Dit is die eindspel, die peilvak, wat niks anders meer saak laat maak nie.

**Na bl. 6**

Mits dit in trou gebeur, en in liefde. As dit deel van verraad is, is dit die klokkespel en die hoonlag van die hel wat Judas die dertig silwerstukke op die tempelvloer laat smyt. As dit in liefde is, sit daar geen aakligheid in nie, maar as dit owerspel agter God en mens se rug is, word die mense in daardie oomblikke bewus daarvan dat hulle skandelik naak is.

Daarom laat hierdie liefde van die hoogste gehalte Abisag in die snik van ekstatiese verrukking uitroep:

> **Vroue van Jerusalem** (jaloerse harem van die gestorwe koning)
> **ek smeek julle**
> **en ek roep die ribbokke en die takbokke**
> **in die veld** (simbole van die vurigste liefde)
> **tot getuie:**
> **moenie die liefde hinder en versteur**
> **voor dit vervulling gevind het nie.**

My afwyking van die teks van Ou en Nuwe Vertaling, pleeg ek met groot vertroue, gesteun deur geleerdes soos Kroeze (modern) en Delitzsch (van die ouer, betroubare, garde).

**Ek kan nie anders as om altyd weer die kruis te sien as ek oor die wonder van die liefde dink nie.**

Luister met hoeveel kundige sekerheid stel laasgenoemde sy saak: "The adjuration is that love should not be disturbed, and therefore it is by the animals that are most lovely and free, which roam through the fields. Zöckler ... finds here ... the earnest warning against wantonly exciting love in themselves till God himself awakens it, and heart find itself in sympathy with heart. But the circumstances in which Shulamith is placed ill accord with such general moralization. The adjuration is repeated ... wherever Shulamith finds herself near her beloved, as she is here in his arms. What lies nearer, then, than she should guard against a disturbance of this love-ecstasy, which is like a slumber penetrated by delightful dreams?"

In Hebreeus is dit dieselfde woord vir wakker maak wat twee keer gebruik word — eers gewoon en dan intensief. Vandaar my vertaling "steur" en "versteur". Die nuwe Afrikaanse vertaling probeer dieselfde doen met wakker maak en aanvuur, maar myns insiens in die verkeerde intensiewe rigting. Ek kan my eenvoudig nie 'n sedeprekie in Abisag se mond voorstel in die oomblikke waarin die liefde waarna sy so lank gehunker het, vervulling vind nie.

Van bl. 4

## 'N WEERDOPER OOR DIE ERFSONDE

Verder het ons betoog dat die kindertjies van gelowiges slegs op grond van die soenverdienste van Christus gered word, en dat ons hulle daarom gerus maar kan doop om dié beloofde redding te sertifiseer.

Mnr. Vd Berg het toe soos volg gereageer:

**Geagte dr. Manie Malan**
**Baie dankie vir die mooi gedagte om 'n eksemplaar van u tydskrif aan my te stuur. Ek stuur dit hiermee terug. Moontlik ken u iemand anders wat dalk waarde kan put uit die twak wat in u tydskrif opgeneem is.**

**As u nie geloofwaardig genoeg is om u woord gestand te doen om "op 'n latere tyd op 'n waardige wyse in die bresse te tree vir die NG Kerk van Jesus Christus" nie, moet u nie probeer om 'n afgewaterde paar lyntjies wat net u kant van die saak stel, in u eie pamflet te ontplooi nie.**

**Ek het reeds by 'n vorige geleentheid (83:11:28) u onthef van enige verpligtinge om verder te reageer op hierdie onderwerp.**

**Ek wag nog op die uitgawe van DIE PROFIEL VAN 'N SOEKENDE SIEL.**

**Vrede vir u**
**(wg) HAC vd Berg**

Ons staan nou (on)graag die ruimte af aan 'n woordelikse weergawe van mnr. vd Berg se relaas sodat die skerpsienige leser self kan oordeel:

"Uit ondervinding weet ek dat argumente nie lig bring nie. Ek self het nog tot so onlangs as twee weke voor ons bekering as 'n getroue NG lidmaat die besprinkeling met alle mag verdedig. 'n Mens kan opreg wees, en ek was ook opreg, maar dit waarborg nog nie dat wat jy glo, werklik reg en die waarheid is nie.

U weet, in my eie lewe was die waarheid van 2 Kor. 3:15-17 baie beslis van toepassing: Ja, tot vandag toe wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart, maar wanneer hulle hulle tot die Here bekeer, word hierdie bedekking weggeneem.

Maar om terug te kom tot die vraag: waarom ek die saligheid van vroeggestorwe kindertjies aanvaar, wil ek glo dat Mark. 10:13 genoeg grond is om die saligheid of die geluk van die kindertjies te onderskrywe. En as Jesus dit gesê het, wie is ek om dit te betwyfel? "Aan sulkes behoort die koninkryk van God."

Ook in Matt. 19:13-15 word dieselfde woorde gebruik. Ek wil glo dat hierdie uitspraak t.o.v. die ou kindertjies juis die grondslag vorm van die Here Jesus se woorde, ook aan die grootmense: As julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie.

U sal my heel waarskynlik wil terugneem na die leer van die erfsonde en die feit dat alle mense, ook die kindertjies, in sonde gebore is, en 'n sondige natuur het. Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie; en sonder wedergeboorte sal niemand God sien nie ens. ens. ens. En u sal miskien ook sê dat as die Here 'n kind hemel toe kan vat sonder wedergeboorte en sonder om deur Jesus te kom of Hom aan te neem, hoekom kon die Here dit nie vir ander mense doen of vir grootmense nie? (Nee, ek sal dit nie wil sê nie - MM) Ek verstaan al hierdie argumente en ek het dit alles in gedagte, maar 'n ander feit wat 'n mens ook in gedagte moet hou, is dat daar 'n geweldige verskil is tussen sonde en sondes.

Na bl. 8

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/4 SEPTEMBER 1986

# MYMERINGS VAN 'N MIDDELJARIGE OOR PINK FLOYD – THE WALL

**Pink Floyd – The Wall**, is 'n musiekprent. 'n Post-Christelike musiekprent. Dis een lang popshop.

Die verhaal spring voortdurend heen en weer tussen die seuntjie wie se pa in die (WO II) loopgraaf sterf, en die jongman wat vaderloos grootgeword het; wat as kind gedors het na die liefde wat sy gesette ma nie kon gee nie, en as jongman na die liefde wat 'n meisie kan gee, maar wat hy nie kan hanteer nie.

Daar is baie simbole in die film; moderne simbole vir simptome wat soos vratte in ons post-Christelike samelewing sit. Geweld, sirenes, oorlog. Uitspattige oppervlakkigheid. Promiskue perversiteite. Dwelmmiddels en -slawe. Skooldwang – uitgebeeld in gesiglose poppies op mars na 'n enorme vleismeul waarin hulle na benede stort as net maar "steentjies in 'n muur".

Die hoofsimbool is DIE MUUR.

Daar is 'n muur om alles. Die jongman loop hom altyd vas teen 'n muur. Soms is die muur modern; soms baie baie oud soos Jerusalem se klaagmuur. Hy krap met sy naels teen die baie hoë muur en vra of daar dalk iemand anderkant is.

Maar daar is geen antwoord nie. Dis dieselfde taal as dié van die Griekse tragedie-dramaturge wat sê as die mense na God roep, is al antwoord die see wat bly bruis.

Die muur vernietig ten slotte alles wat outyds sekerheid verskaf het; teen supersoniese snelheid bars die muur deur 'n katedraal wat lyk op die Notre Dame.

En al die absurde leegheid lei tot die stil, lydende jongman se dood aan sy eie hand.

Maar dan word die deure van sy woonstel met geweld oopgebreek en mense wat voorheen nie 'n flenter omgegee het vir sy lewe nie, rand hom aan om sy lewe te red. Suurstof, hartmassering, ambulans, bloedoortapping. Deur alles heen ervaar hy sy eie doodgaan; maaiers in sy verrottende vleis tot net die skedel wil oorbly.

Die grondtema van die verhaal wat met musiek in klagende woorde vertel word, is chaos en orde, wat albei ewe sinloos en gewelddadig is.

Daarom kom daar skielik 'n radikale wending in die verhaal. Die man herlewe, maar nou as hiper square, nazi, fasjis. Hy skeer nie net sy baard nie, maar ook sy borshare (en tepels) af, ooghare en kophare. Hy word Big Brother, Der Führer. Sy simbool is twee gekruisde hamers en hy spreek tienduisende mooi sindelike jongmense toe wat Jode tussen hulle uitsnuffel en ophang. Terugflitse herinner aan polisie wat onluste van langhaarstudente onderdruk, so die geweld bly.

Daar is geen alternatief nie, geen blywende sin nie. Geen liefde, vrede, God nie. Gewis is alles net 'n grap. Ons speel in die komedie mee, geblinddoek met 'n lanferlap, wat selfs die son 'n skadu gee. Vergeefs die jeug, vergeefs die lag. Oor alles hou die wurm wag. Ons is radeloos gedink oor al die pyn, en die mens se wrede spel.

* * *

Daar is 'n vreemde ooreenkoms met die boek Prediker. Al die verdrukking.

"Die verdrukte kla, maar niemand help nie.

"Die wat klaar dood is, is gelukkiger as dié wat nog lewe.

"Gelukkigste dié wat nog nie gebore is nie, en wat nooit gebore sal word nie.

"Wat nie al die onreg sien wat op aarde gedoen word nie.

"Moeite vir sukses word gebore uit afguns – dit is alles 'n gejaag na wind.

"Alles kom tot niks.

"God is baie ver – Hy is in die hemel en jy is op die aarde.

"Die mens is nie beter daaraan toe as die dier nie; almal gaan dood.

**Na bl. 8**

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/4 SEPTEMBER 1986

Doen dan maar wat lekker is, jongmens. Voor die ongelukkige dae kom. Maar onthou dat God jou sal oordeel: òf omdat jy suur in die hoek bly sit het, òf omdat jy jou vergryp het. So kom ook dít alles maar tot niks; dis alles tevergeefs.

As daar nie 'n Nuwe Testament was nie, het die Bybel hom doodgebloei in die boek Prediker.

Maar kyk, God is nié ver nie. Hy het vlees geword en onder ons kom woon. Hy was innig jammer vir die mense wat was soos skape sonder 'n herder. Hy het die opperste geweld tot op Golgota beleef en daaraan gesterf. Selfs die opperste sinloosheid van die hel toe Hy na God geroep het en daar geen antwoord was nie.

Maar toe hét Hy die derde dag teruggekom uit die absurde dood en sin gegee aan ons loopgraafbestaan tot Hy weer kom.

Jongmens wat alles weet van die popkultuur, is jý 'n draer van dié evangelie, met hoop in jou hart?

Van bl. 6

## 'N WEERDOPER OOR DIE ERFSONDE

Dit is so dat elke mens gebore is met 'n sondige natuur want dis al manier hoe 'n mens geaktiveer kan word om oor te gaan tot sondige dade. Dit lê beslis in kiemvorm teenwoordig in die pasgebore mens en die katkisasieboek stel dit baie mooi: Wat is nou die verskil tussen die erfsonde en die werklike sondes? Ons het gesien hoe die neiging om sonde te doen, voortgeplant is deur Adam en die natuur van sy kinders en op almal in die nageslagte na hulle. Elkeen ontvang dit as 'n erfenis van die vorige geslag wat sy hele persoonlikheid, liggaam, verstand en siel besmet. (Die aanhaling eindig waarskynlik hier.)

Die pasgebore kind besit daardie erfenis maar let daarop dat 'n pasgebore kind nog nie werklike (sic) sondes het nie, hy het nog nie gedagtes, woorde en werke nie. Daarom sê ons 'n pasgebore kind het erfsonde of is uit 'n sondige natuur geërf, maar hy het nie werklike sondes nie. Eers wanneer hy kon dink of praat en handel, dan sal hy ook werklike sondes doen. Erfsonde, of die sondige natuur, dié het hy reeds by sy geboorte, werklike sondes sal hy nog doen.

'n Sondige natuur het hy reeds, en daaruit sal binnekort allerlei verkeerde dinge voortkom. Erfsonde, of die sondige natuur wat hy geërf het, kleef hom altyd aan. Met werklike sondes sal hy nie altyd besig wees nie, dis blykbaar net van tyd tot tyd. (Let op hoe mnr. vd Berg die sonde onderskat — MM.)

Nou wil ek nie 'n stelling maak nie, want dan moet ek by daardie stelling bly, maar ek wil tog vermoed dat God die mens nie oordeel ooreenkomstig sy sondige natuur nie, maar dat die werke wat die mens voortbring as gevolg van daardie natuur wanneer hy groot geword het — dat dít geoordeel of veroordeel gaan word deur God.

Nogmaals wil ek weer nie 'n stelling maak nie, maar ek wil dit tog bereken dat die sondige natuur as sulks op sy eie nie die mens uit die hemel sal hou nie. Die rede hoekom ek so sê, sal ek moet verduidelik en daaroor argumenteer: Ek is met 'n sondige natuur gebore en u waarskynlik ook (gewis), en hierdie sondige natuur was die oorsaak hoekom u en ek sondes gedoen het in die verlede, en ons het álmal gesondig want as ons sê ons het nie gesondig nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie.

Maar die dag toe ons ons op die genade en versoening van Christus werp, en die bloed van Jesus ons vlekkeloos skoon maak van die sondeskuld en van die vloek wat op ons gerus het as gevolg van ons sondige voortbestaan in die verlede — op daardie oomblik is ons gereinig en is dit asof ons nooit gesondig het nie. In die oë van God het ek werklik nooit gesondig nie want die sonde is vergewe. Maar hoewel ek vandag 'n dag en datum kan sê, ooreenkomstig die Here, dat ek 'n kind van God is, omdat Hy my aangeneem het, en my sondes vergewe het, en u dieselfde (nee nie net só nie — MM), nogtans sit ek nog steeds met die sondige natuur.

Daar is die oorheersende genade van die Heilige Gees waardeur ek hierdie sondige natuur van dag tot dag moet kruisig, maar dit neem nie die feit weg dat ek nog steeds sit met hierdie sondige natuur nie. En ek sal daardie sondige natuur behou tot die dag dat ek hierdie tydelike verlaat en oorgaan in die ewigheid in. Maar die feit is dat ten spyte van die feit dat ek nog steeds met die sondige natuur sit, gaan ek, en glo ek dit is reg om so te glo, hemel toe. Al wat tussen ons en daardie kind verskil, is dat ons sondes (mv) gedoen het, dade wat voortgespruit het uit die sondige natuur.

Die kind het nog nooit met sondige dade te voorskyn gekom nie. Hy het nog net die sondige natuur — wat nog nie geaktiveer is nie. Ek en u het 'n sondige natuur soortgelyk aan daardie kind, maar ons het reeds sondes voortgebring want hierdie sondes is al weer vergewe en gewas in die bloed van Jesus, en wat dit betref, in die oë van God is u en ek maar dieselfde as daardie kind. Of anderster gestel dat daardie kind met sy sondige natuur is in werklikheid nog maar net dieselfde as u en ek. Ons staan op gelyke knie voor die Here wat die sondes (mv) betref. Hy het nog nooit gepleeg nie, dié wat ek gepleeg het, is vergewe. Hy sit met 'n sondige natuur gebore, hy het hom nog by sy sterwe; ek is met 'n sondige natuur gebore en ek behou dit totdat ek sterwe.

### Sit dié twak in jou pyp en kyk of hy die pyp rook.

Nou waar sal daar tog die verskil inkom in die oë van die Here met betrekking tot die sondige natuur, want die sondige natuur gaan my beslis nie uit die hemel uit hou nie.

Ek is bekend met Rom. 6:5: Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees aan sy opstanding, aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou doen nie. As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe.Vers 11: So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus ons Here. En vers 12: Laat die sonde dat in julle sterflike liggame nie heers dat julle aan sy begeerlikheid gehoorsaam sal wees nie.

Dit is so. Ek verstaan dit ook so dat ons onsself moet reken asof ons vir die sonde gesterf het en dat die sonde vir ons net soveel aantrekkingskrag inhou as wat dit vir 'n lyk inhou. Laat dit ook net soveel gesag op ons uitoefen as wat dit op 'n lyk kan uitoefen, maar nogtans is ons nog nie verlos nie. Ons moet daardie sondige begeertes van dag tot dag kruisig, dit is so, waar dit nog steeds aanwesig is. Dit leer Paulus ons ook in Rom. 7. Hy sê as ek doen wat ek nie wil doen nie dan stem ek saam, maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon, want ek weet dat in my vlees niks goeds woon nie, want om te wil is by my aanwesig, maar om goed te doen dit vind ek nie... (ensovoorts. Ons ken dit tog almal — MM) en gaan hy dan nou op daardie trant voort en is dit gevolglik baie duidelik dat alhoewel ons aangesê word om daardie ou sondige natuur van dag tot dag te kruisig, hy maar nog steeds daar is, en u en ek met hom opgesaal sal sit tot die dag wat ons hierdie liggaam verlaat.

Nou dít is nou my rede hoekom ek sê ek glo dat vroeggestorwe babatjies gedoop of ongedoop of besprinkel, die saligheid van die Here sal beërwe. U mag "loopholes" daarin vind, maar dit is waarmee ek volstaan en dit is wat ek glo.

* * *

**Die leser kan nou self oordeel. Van mnr. vd Berg se betoog het ek geskryf: "...dat hy eintlik net één argument het: Klein kindertjies wat sterf gaan hemel toe omdat hulle nog nie daadsondes het nie. Hulle het wel erfsonde, maar hy (HAC vd B) is seker God sal nie iemand oor erfsonde laat verlore gaan nie."**

**Wat het hy méér gesê? Miskien net dat hy hemel toe gaan met sy daadsondes vergewe, maar steeds met sy erfsonde.**

**Dit is 'n skromelike inkorting van Christus se verlossingswerk. Hy het geboet vir die sonde, die gebrokenheid van die ganse wêreld — nie net vir dié wat op die oppervlakte sigbaar word nie. Ons vroeggestorwe kindertjies gaan hemel toe omdat Christus die prys daarvoor betaal het. Dáárom, nog eens, mag ons hulle doop,want dít is wat die doop swart op wit sê. Om te sê ons en die kindertjies gaan hemel toe omdat God die erfsonde nie as sonde reken nie, is 'n growwe dwaling.**

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/4 SEPTEMBER 1986



# GENADE OP GENADE

STUDIEGEDEELTE: Luk. 1:57 - 80

**Luk. 1:68: "Lofwaardig is die Here,
die God van Israel,
want Hy het sy volk in genade opgesoek
en vir hulle verlossing bewerk.**

Die opvallendste in die gedeelte wat ons hier gaan behandel, is die klem op die genade. Dit is een van die opvallendste trekke in die hele Bybel, maar hier word dit op mekaar gestapel, genade op genade. En dit staan al weer in skrille kontras met wat Rome hiervan maak — wat Sagaria se woorde die "Benedictus" noem: na die eerste Latynse woord in die Latynse vertaling: die "mooi woorde", die "seënspreuk" van Sagaria. Maar die kenmerkende van hierdie gedeelte is nie Sagaria se woorde nie, maar wat hierdie woorde wil sê.

Kom ons kyk eers na die aanloop.

Die bure en die familie is gaande oor wat met Elisabet gebeur. Hulle is saam met haar bly. Hulle skryf alles wat met haar gebeur toe aan die "ontferming" van God. God het omgesien na iemand in nood. God is goed. Ook omdat die geboorte normaal afloop — met 'n moeder wat baie oud is. Dit is absoluut 'n wonderwerk.

En dan kom die agste dag wat laat blyk hoe ondiep die vriende se insig is as 'n dispuut ontstaan oor wat die kind se naam moet wees. "Sagaria", sê die mense, nie noodwendig omdat dit 'n tradisie was nie, maar miskien vanweë die vreemde situasie, die prestasie van die gryse Sagaria.

Maar Elisabet sê nee, hy moet Johannes heet. "God is genadig". Ons het hier nie met die wil van 'n man, of die prestasie van 'n mens te maak nie, Gód is en was genadig. Dis nie vreemd dat Elisabet dit presies weet nie — sy en Sagaria moes in daardie maande dikwels met die vetgesmeerde lei klaarkom.

Maar die (vrolike) mense bied weerstand. Waar kom dié naam vandaan? Hulle skryf dus wel die hele gebeurtenis aan God se ontferming toe, maar as dit in praktyk gebring moet word, sien hulle nie die verband met die genadewoord "johannes" nie.

Toe word Sagaria die arbiter; Sagaria wat blykbaar doofstom was — daarom beduie hulle. En Sagaria skryf: "Johannes is sy naam". Afgehandel. Hy het kláár 'n naam. God het hom in die hemel 'n naam gegee. God sê ons voor oor die genade. Dis skandalig, maar dis waar. 'n Mens sou gedink het dat mense wat begenadig word, nie ook nog met soveel moeite onderrig moet word oor wat met hulle gebeur het nie.

En dan is die mense nog verbaas ook, sê vers 63.

Wat waarskynlik groei tot skaamte as Sagaria sy spraak terugkry en onmiddellik begin om Gód te prys. En dan kom "ontsag". Die omstanders se emosie loop dus van blydskap oor verbasing na ontsag, wat 'n goeie riglyn is vir die verloop van die erediens. Veral as "nadenke" dan ook nog bygevoeg word. "Wat sal van hierdie kindjie word; die Here is so klaarblyklik by hom." Hy is so anders.

Sagaria se lofsang begin egter by 'n ander Kindjie.

Dit was 'n gewyde lofsang sê Lukas. Die Heilige Gees het dit geïnspireer. Dit is nie gewyd omdat Sagaria dit aan God wy nie, met ander woorde nie Sagaria maak dit gewyd nie, maar die Heilige Gees. Dis soos met die heiligmaking: Ons is heilig omdat ons op Golgota geheilig is, en deur die Heilige Gees. Ons het nie onsself heilig gemaak nie.

Lofwaardig is die **Here**, sê Sagaria. Soli **Deo** gloria. Want Hy het na sy volk kom soek. In sy genade en sy liefde het Hy hulle nie aan hulleself oorgelaat nie, maar hulle kom soek. Hy het vir hulle verlossing bewerk, 'n Sterk Verlosser, uit die huis van Dawid. Dus: 'n Koning.

Let nog eens daarop dat Sagaria nie slegs anders na alles kyk as die vrolike pratende mense nie, maar dat hy selfs nie eerste na sy eie seuntjie kyk nie. Hy kyk na Jesus — dít is waarheen die Heilige Gees sy oë draai.

Die woord "verlossing" wat hy gebruik, is 'n Griekse woord wat iets beteken soos "teen 'n duur prys verlos"; "reddingsdaad", terwyl daar groot lewensgevaar is.

**Na. bl. 11**

# BLOEMFONTEIN

Manie Malan

Die Vrystaat is 'n Sondagmiddag in die winter. Ek meen Dirk Mosterd het dit so gesê. Deon het my op 'n dag daarvan vertel. Deon met sy boerehart uit Winburg, wat 'n skilder geword het.

Ek is ook onherroeplik 'n Vrystater. Eenmaal 'n Vrystater, altyd 'n Vrystater. En tog het ek vrede daarmee dat ek nie in die Vrystaat woon en werk nie. 'n Mens se plek stuur jou êrens heen. Ek dink dit sal misloop as ek sou terugkom na die plek toe wat my gestuur het. En tog, as ek net nog 'n paar jaar op Harrismith sou kon woon voor ek huis toe gaan...

## SONSTRAAL

Ek is lief vir Bloemfontein ook, maar dis 'n vreemde liefde. Jy moet daar gebore wees en vasgegroei het. Ander mense, soos Kas van den Bergh, kan dit nie verstaan nie, al verstaan hy so baie dinge.

Dan kom ek soms hier in Bloemfontein, en ek loop deur die strate, en die eerste halfuur kyk ek na die gesigte, maar niemand ken my nie, en Jan-Andries Coetzee is ook nie meer oorkant die biblioteek nie, en 'n dowwe hartseer pak om my hart. Ek wil die mense voorkeer, al die vreemde mense, en hulle vra of hulle dan nie weet dis mý stad dié nie? Waar kom hulle daaraan om so selfvoldaan en eiegeregtig in die strate te loop? Ek het geboortereg hier. Ek het hier in die oorlog met my windbuks na die kakies se vliegtuie geskiet, en hier sonstraal gekry toe ek in die somer saam met Jood die koei en haar kalfie van Estoire af Bainsvlei toe aangejaag het — dwarsdeur die stad.

## LEMOENSKILLE

Ek was die eerste Vrystater wat die 25 myl onder 'n uur gery het, maar ek het nóú nog nie die fiets gekry wat die Engelse belowe het vir die eerste een wat dit regkry nie.

Ek het duur betaal vir hierdie stad. Honger en dors vir hom gely. Op Springbokpark, as ons inter-skool het teen die Tralies, gekyk waar die ouens die lemoenskille neergooi as hulle afskil omdat ons te ver gebly het om middagete te gaan eet.

Wat weet julle in die strate daarvan? Julle wat so uitgevreet en maklik tuis lyk.

En as hulle Christo Ferreira weglaat uit die span, wil ek en Schalk hom bel. En as Japie Wessels maar weer nie Springbok word nie.

## PIERING

En in Bloemfontein het ek my teologie geleer. Lank voor hier 'n fakulteit was. Drie jaar na mekaar in P. de B. Kock se katkisasieklas op Waterbron. Ek kan min dinge onthou wat hy presies gesê het, maar die eerbied vir die Woord en die God wat dit gespreek het, en dat ons sondaars is, en die verwondering, het hý my gegee. Die manier van dink. Die ongeduld met die pieringvlak vroom praatjies wat na die mens is.

In Bloemfontein het ek ook die diepste leed ervaar, en groot eensaamheid.

Wat alles maak dat jou liefde 'n vreemde liefde is; wat stadig in jou hart opkruip as jy in die winter in sy son sit en dink en skryf op jou stukkie rantjiegrond waar die klein mooi wit spitsdakhuisie staan wat jou studeerkamer sou geword het.

Die Vrystaat is 'n Sondagmiddag in die winter. Al was die nag hoe koud. Die kokkewiete deel my liefde, en vanoggend vroeg was daar bosduiwe op die dak. Die mannetjie het probeer om 'n wyfie die hof te maak.

Van bl. 9

Waarom het God dit gedoen?

Omdat Hy die mense jammer gekry het — dit het Hy reeds gesê — maar ook omdat Hy dit belowe het. Nie omdat hulle dit werd was nie. Hy het dit belowe, en Hy het dit selfs met 'n eed bevestig. En dáárom het Hy dit onthou en nou ook gedoen. Hy het sy "heilige verbond" onthou, sê Sagaria. Want God is 'n God van sy woord. Wil ons dus roem, dan moet ons in die Here roem.

Merkwaardig is die feit dat Sagaria die verlossing sien as 'n "verlos van ons vyande", en 'n gered "uit die hand van vyande". Dit is natuurlik wat die profete belowe het, maar as die kruis drie en dertig jaar later op Golgota staan, en veral na Pinkster, sal die mense, selfs die profete, begin verstaan dat die vyand nie ander nasies is nie, maar 'n nuwe Israel.

Voorts is dit interessant, en baie belangrik, dat Sagaria vroomheid en opregtheid, dit is die diens van God, godsdiens, beskryf as iets wat voortspruit uit God se reddingsdaad. God red ons (van die Bose) sodat ons Hom kan dien. Hy skep 'n godsdienstige ruimte. Hy red nie omdat die mense Hom gedien het nie — in elk geval nie in hiérdie verhaal nie — Hy red sodat hulle Hom vroom en opreg ken dien. Ook dít is die grondtema van die hele Bybel. Ek het julle uit Egipte gered, wees dan heilig. Julle sonde het in Jesus se graf agtergebly — hoe kan julle dan nog in die sonde lewe?

Ten slotte profeteer Sagaria dan oor sy seuntjie. Johannes die Doper. Wat sou tog alles deur sy hart gegaan het? 'n Profeet sal jy wees. Weet jy wat kos dit om profeet te wees? Jy word stom. Jou kop word geëis. Jy word 'n sondebok. Jerusalem maak jou dood.

Ja, dit sal nie 'n maklike pad wees nie. Stootskraper sal jy vir die Messias wees, pad-gelyk-maker. Jy sal die evangelie verkondig — wat so heerlik is, maar ook so aanstootlik vir mense, Fariseërs, wat nie van genade wil lewe nie, omdat dit impliseer dat hulle sondaars is. Luister hoe mooi sê Lukas, Sagaria en die Heilige Gees dit: Hy sal kennis van verlossing aan sy volk meedeel; Hy sal hulle kennis gee van die via salutis, 'n verlossing (nie deur eie inspanning nie) deur vergifnis van sondes — danksy die genadige ontferminge van God. Al was julle sondes soos skarlaken...

Sagaria kondig dus die Nuwe Testament aan, die dagbreek van 'n nuwe dag — wat lig sal bring aan mense wat in duisternis wandel, en in die skaduwee van die dood. So verkondig Sagaria die vervulling van Ps. 23. Uiteindelik gaan God ons voetstappe rig op die "pad van vrede" — die pad wat ons dom voete nooit vanself wou loop nie.

En die verhaal word afgesluit met die mededeling dat hierdie kindjie saam met die Gees in die woestyn gebly, grootgeword en opgevoed is vir sy openbare optrede. Die woestyn wat so dikwels in die Bybel die opleidingskool van God is.

Miskien het 'n Esseense sekte hom grootgemaak toe sy bejaarde ouers oorlede is.

# Waar kry jy die tyd?



Dit was nog nooit 'n probleem nie. As iets ryp is om geskryf te word, skryf ek dit by die eerste geleentheid daarna. Hiérdie paragraaf word byvoorbeeld geskryf (in Nov. '85) 'n driekwartier voor die steriele teaterklere aangetrek moet word, en as die atropine nie te kwaai is nie, dan tot hulle my kom haal.

Vreemde plek, 'n hospitaal. Twintig oor vier ons wakker gemaak om die man in die bed langsaan te was en te lawaai, en toe ek hier so kort voor sewe weer heerlik insluimer, toe kom hier net na sewe 'n jong sustertjie in en roep na Meneer Malan en sê hy moet nie vergeet om half nege sy operasieklere aan te trek nie.

Toe is ek wawyd wakker, natuurlik, en toe skryf ek maar weer. Dís waar ek die tyd vandaan kry. Ander mense maak dit vir my.

Dis nou so uur of wat later. Wonderlik hoe goed ek kan sien. En hoe absoluut bewussynloos narkose is. Toe ek wakker word, dag ek hulle het die ondersoek gekanselleer. Ek wonder of die dood ook so is. En as jy weer sien, hou God jou in sy arms vas.

Wat ek makeer het?

Die dokter sê ek is in die verkeerde beroep. Ek moes in 'n beroep gewees het waarin ek meer kan lag en waarin ek my minder kan steur aan wat die mense sê en agterbaks doen. Nou het ek allerlei spasmas wat toeknyp wat oop moes gebly het.

Kan ons nie 'n SOW-bring-en-braai hou nie? Ek is seker Nico sal dit reël.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/4 SEPTEMBER 1986

# MORAAL EN EVANGELIE

**Efes. 4:30**

Aan die einde van Paulus se briewe volg altyd praktiese wenke.

Wat sou die rede daarvoor wees? Sou Paulus dalk, na die hoë gedagtevlugte met die evangelie, soos in Efes. 1, onthou dat nie almal teoloë is nie, en dat daar ook mense is wat eenvoudig wil weet wat hulle prakties moet dóén?

Efes. 4:30 waarsku ons dat hierdie uitleg verkeerd is. "Moenie die Heilige Gees van God bedroef nie...", staan daar skielik tussen al die aangeprese deugde.

* * *

Paulus was nie die enigste skrywer van die oudheid wat praktiese voorskrifte kon skryf nie. Die Jode was meesters in hierdie kuns. En die Latynse skrywers: Epictetus, Seneca, Marcus Aurelius. Tussen hierdie fynproewers van wet en etiket, was Paulus maar bra 'n amateur. Diepsinnig was hulle, en ernstig, eerbiedwaardig. Een van hulle het selfs geskryf van 'n heilige gees binne in ons wat let op die goed en die kwaad wat ons doen.

**Tussen die fynproewers van wet en etiket was Paulus maar bra 'n amateur.**

Hierdie sedelikheidsapostels het altyd in die Weste (ook in SA) 'n gemeente gehad, 'n stil, ernstige gemeente. En, laat ons eerlik wees, baie dae het ons ook aan húlle gemeente behoort, en nié aan dié wat Paulus gestig het nie.

Wat sou die verskil wees tussen die een en die ander gemeente; die een en die ander evangelie?

Ek dink, nee, ek wéét dat dit die vreugde is!

Daar is maar één evangelie, één euangelion, wat letterlik beteken vreugdeboodskap. Niks anders mag dié naam dra nie, omdat niks anders ware blydskap dra nie.

Oppervlakkig beskou, lyk Paulus se voorskrifte ook na moraal, na sedelessies oor wat ons te doen staan, maar dit is dit nié. U moet maar 'n keer u predikant opdrag gee om uit M. Aurelius, Seneca of Kalil Ghibran te preek, en dan kyk u wat gebeur. Dit is onmoontlik, want daar is geen kruis en geen oop graf in nie. Niemand wat dood was en weer lewe nie.

Die wonder van die kerk is dat daar gepreek en verkondig word. Hoe dankbaar moet ons wees dat ons nie net die skool het waarin daar geleer word wat reg en verkeerd is, wat jou plig is, en deugde, stiptelikheid, 'n Voortrekker-erewoord ens. nie; waarin daar 'n "gesonde (heilige) gees" in jou (gesonde liggaam) gekweek word nie. Mens sana in corpore sano. Nee, die wonder van die kerk is dat dit die plek is waar Christus, die gesalfde, die Heilige Gees soos salf salwend oor ons uitgiet.

Daar is 'n groot verskil tussen lessies (lesse!) in stilte oordink met die verstand, met 'n frons, letter vir letter gespel, en die evangelie wat God self met ons praat. God se liefdeswoorde, lewend, trillend van opwinding en vol liefdesgeheimenisse wat kan gebeur.

Slegs in die lig hiervan kan ons begryp waarom Paulus skielik kan skryf: "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie". Paulus het midde in die moraal die evangelie nie vergeet nie! Paulus moraliseer nie, hy preek. Hy vertel van die Heilige Gees wat trane afvee, wat bly maak; hy sê ons moenie die Heilige Gees bedroef deur te weier dat Hy jou trane moet afvee nie. En hy vertel van die oop graf. Sy diepste uitgangspunt is dat alles wat die vreugde wat van Bó kom, versteur, onsedelik is; immoreel, sleg, sonde, ongehoorsaamheid.

* * *

Maar wat word dan van die moraal? Die wet, die voorskrifte, die sedelesse, die deugde (wat Paulus ook aanprys), die onderskeid tussen goed en sleg?

Dit bly by ons — soos die armes. Die lewe kan nie sonder sekere basiese dinge voortgaan nie. Daarom het Paulus aan die einde van sy briewe ook rytjies deugde en ondeugde.

Maar daar is 'n hemelsbreë verskil, waarvoor ons God kan dank, en wat ons nóóit moet miskyk nie, tussen Paulus se "moraal" en dié van die moraliste. Die moraliste reken primêr met die mens en die medemens, maar Paulus reken met die Heilige Gees, met God. Vir 'n sedelike handeling is twéé persone nodig, en by Paulus is die tweede Persoon die Heilige Gees.

**Alles wat die vreugde wat van Bo kom, versteur, is onsedelik, immoreel.**

Paulus weet die Bybel is nie 'n boek waaruit jy ander die les moet lees nie. Om mense die les te lees kan sulke vervelende werk wees. Net so eentonig soos wat boeteprediking onbarmhartig kan wees. Die boeteprediker neem die stof, die materiaal, van die mens se lewe tussen duim en voorvinger om die gehalte te ondersoek. Maar wie dít doen, vergeet meesal dat hy van dieselfde lap geskeur is. Die sedeprediker soek kwaliteit en hy word verbitterd, omdat hy dit nie kry nie. Hy vergeet dat die sedelike, die goeie, nie stof, materiaal is wat reglê nie, maar dat die goeie sedelike handeling ontstaan as die oordeel van die liefde die ruimte daarvoor skep.

Neem nou Jesus en die eensame Saggeüs as voorbeeld. Hy het krom geloop onder die oordele van die moraliste, die wetsgeleerdes, maar skaars was Jesus by hom in die huis of hy beantwoord die gedagtes wat Jesus oor hom koester, en Jesus staan daar met die skuimende beker van Saggeüs se bereidwilligheid tot 'n nuwe lewe in sy hand. Jesus met die oordeel van die liefde — wat nie dreig nie, maar pront sê: Vandag het daar verlossing gekom vir hierdie huis.

Vir ware sedelikheid is twee nodig. Die ander een, sê Paulus, is die Heilige Gees wat oordeel met die oordeel van die liefde — wat nie verbitterd word nie, en die kwaad nie toereken (soos die boeteprediker) nie; wat alle dinge glo en hoop.

So word ons eensaamheid weggeneem. Ons morele eensaamheid en mislukking. En al sou ons nie altyd misluk nie, al sou ons ons lewe so kon verbeter dat ons 'n heilige gees kry, sal dit vir ons niks werd wees nie, want met ons self-standigheid sal ons net meer eensaam word. Ons mag die Ander Persoon in ons lewe nie mis nie. "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie"; "verbly julle altyd in die Here — wat al jou sonde vergewe, wat jou siel verlos van die verderf.

Luister tog mooi: die Heilige Gees van God eis nie gawes nie (toewyding, onthouding, ophou lag en rook nie), nee, Hy eis nie gawes nie, Hy géé dit. Hoeveel verbittering, hoeveel neerslagtigheid kon ons, onverbeterlike moraliste wat ons is, onsself en ander gespaar het as ons maar by Paulus wou leer dat die ware moraal tuishoort onder die vreugde van die Heilige Gees, en dat die lig wat alle ander voorskrifte belig, die "vermaning" is dat ons nie die Heilige Gees van God moet bedroef nie.

* * *

Dis des te meer waar as ons daaraan dink dat die moraal, die goeie maniere, die moets en die moenies, geldig sal bly solank die evangelie gepreek word. Dit móét ook bly, want daarsonder is die lewe nie moontlik nie — die paar basiese reëls om ons lewensverhoudinge te reël. Dis van Noag se tyd af daar, toe hulle geëet en gedrink en getrou het, en Jesus sê voor die laaste oordeel sal hulle ook eet en drink en trou. So dit bly deur al die eeue. Van Jesus self word gesê dat Hy geëet en gedrink het.

Libertinisme of antinomianisme — totale ongebondenheid aan alle wette en reëls — is op die lange duur onmoontlik. Dis soos 'n voëltjie wat al hoër vlieg en dan weens gebrek aan suurstof versmoor. Dis die skrif aan die muur vir Belsasar, wat die einde van sy ryk aankondig.

Maar om met die wet te reken, is nog iets anders as moralisme. Moralisme hou die wet aan die mense voor as alfa en omega, maar geloof wat deur die Gees "wandel", onthou dat die wet aan Jesus voorgehou was, en dat Hy, namens ons, die toets geslaag het.

* * *

Nou voeg Paulus iets by die herinnering by — die herinnering dat ons die Heilige Gees nie moet bedroef nie.

**Boetepredikers (moraliste) dryf die mense van agter voor hulle uit, maar Jesus oordeel selfs oor Saggeüs met die oordeel van die liefde wat alles hoop en alles glo en die ruimte skep waarin Saggeüs kan handel.**

"Want Hy het julle as die eiendom van God beseël — met die oog op die verlossingsdag."

Sommige meen dat Paulus bedoel dat God op die oordeelsdag syne sal uitken aan die Gees wat hulle het. Ander meen dat die "verseëldes" op een of ander manier teen die gevare toegesluit is. Daar is nie veel verskil tussen die twee opvattings nie. In beide gevalle het ons nie met 'n eienskap nie, maar met 'n merk op ons lewens te maak. 'n Merk wat Gód gemaak het.

Hierdie woorde gee ewigheidsperspektief aan ons lewens, en aan Paulus se woorde dat ons die Heilige Gees nie moet bedroef nie.

Daar is mense wat in die opstanding na die dood glo, en hulle dan nog bly blind staar op hiërdie lewe. U kan in u gedagtes hoor hoe dit in die mond van die boeteprediker pas: "Ons lewe net één maal — nóú is jou laaste kans — vannag kan jy sterf..."

Maar die evangelie sê: Eenmaal sal jy lewe. Nie: ons lewe net eenmaal nie, eenmaal sal ons lewe.

**Die deure van die hemel skarnier na buite. Ons hoef hulle nie oop te stoot nie. Hulle skarnier na buite en die engele swerm uit en sing: "Vrede op aarde!"**

Hoe mis ons tog die troos van die evangelie in ons lewens. Hoe versmoor ons dit met ons benepe moraal. Die deure van die hemel skarnier na buite. Ons hoef hulle nie oop te stoot nie. Hulle skarnier na buite en die engele swerm uit en sing: "Vrede op aarde!" En hulle verseël ons tot op die dag van die verlossing — met Woord en Gees, en doop en nagmaal. "Niemand sal julle uit my hand ruk nie. En die diere rek hulle nekke om dit te sien."

As jy dit alles hoor en weet. moenie die Heilige Gees van God bedroef nie. In hierdie één gebod van Paulus word al die ander voorskrifte opgelos, selfs opgehef. Liefhê man, liefhê — dit is die hele wet. God liefhê, wat jou eerste liefgehad het, wat jou gered het toe jy nog 'n sondaar was, wat jy nou nog is.

Die moraal bly tot die einde toe, tot die seël gebreek en daar nie meer getrou en geskei word nie maar ons kan nie lewe met die moraal alleen nie. Dan sterf ons van eensaamheid. Ons kan net deur die Gees lewe.

Die geheim van die lewe is nie dit wat ons verwerf, ons oorwinnings, nie, maar wat ons prysgee, opoffer, weggee, weggooi. Soos brood op die water. Alleen dán beleef ons die vreugde van die seël wat gebreek word — as ons ons liggame stel tot 'n heilige en Godewelbehaaglike offer — moreel of immoreel, sonder onderskeid. (Hoe sal ons tog net suiwer dade aan God kan offer?) Maar wat enkel is, alleen, op onsself alleen gerig, sonder die Gees, gaan onder in die sondvloed of die wêreldeinde — moreel of immoreel sonder onderskeid.

Wie van ons sal uit hierdie oogpunt dit waag om 'n menselewe waarlik billik te beoordeel? Behalwe God alleen, wat die offer ontvang. Ons sien aan wat voor oë is, wat gedoen word, maar vir ons bly verborge wat gelaat, geoffer word. Wie sal dit teen mekaar opweeg? Wie sal die trane tel wat in die geheim gehuil is? Wie die leed stom gedra? Watter Christen sal dit waag om vol-uit moralis, regter te wees?

* * *

Nou moet u tog nie Paulus se woorde — dat ons die Heilige Gees nie moet bedroef nie, u moet dit tog nie in die moraal laat opgaan nie. As u Paulus se woorde beperk tot 'n aansporing om goed te leef, het u nog maar 'n baie klein deeltjie daarvan verstaan, en nog meer misverstaan.

Daar staan geskrywe dat die engele in die hemel hulle méér verbly oor één sondaar wat hom tot God bekeer as oor honderd wat die bekering nie nodig het nie. Hierdie blydskap is van 'n veel hoër orde as die selfvoldaanheid van 'n sedemeester wat iemand weer na sy lessies laat begin luister. Die tone van hierdie vreugde rys veel hoër. Dit jubel in die hemelsale as die Vader die ring aan die vinger steek — as Hy 'n sondaar met die Heilige Gees verseël.

**Die vreugde in die hemel is nie oor die mooi lewe van 'n mens nie, maar oor die liefde van God wat 'n ring aan die vinger steek van sy wegloop-kind wat om den brode huis toe gekom het.**

Die vreugde in die hemel is nie oor die mooi lewe van die mens nie, maar oor die liefde van God die Vader, sy genade, sy gawe van die Gees — op die dag van die verlossing deur Jesus Christus ons Heer.

Moet dan tog nie die Heilige Gees van God bedroef nie.

('n Verwerking van Noordmans 8/34 onder dieselfde titel, en vir eie verantwoordelikheid. Beskikbare bande van Noordmans se Versamelde Werke is by Claritas bestelbaar.)

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/4 SEPTEMBER 1986

Te voet deur die Kategismus

# SPREEK, KOM EN TROOS

**HK 8:24,25**

Ek het oor die loop van baie jare al baie gelees oor die Drie-eenheid van God — in katkisasieboeke, en ook in boeke wat geskryf is deur geleerde mense. Nooit kon ek loskom van die indruk dat die leermeesters dit hanteer soos 'n stuk verstandskennis nie.

Maar op 'n baie eienaardige manier. Hulle sê dit is 'n "leerstuk" wat ons verstand te bowe gaan, 'n "bo-redelike leerstuk" (NG Katk. Boek III,71), maar dan probeer hulle dit tog verduidelik. D.w.s. duidelik, deursigtig maak.

Anders gesê: Hulle sê: 'n mens kan dit slegs glo, maar dan probeer hulle dit aan jou leer. Glo doen 'n mens in die kerk, en leer doen jy in die skool. Maar nou vat hulle ons uit die kerk uit na die skool toe om ons te leer verstaan. Natuurlik nie álles verstaan nie, maar darem op 'n manier verstaan dat jy nie kan verstaan nie. Selfs met sommetjies soos 1 plus 1 plus 1 is 1. Die toppunt was toe 'n skrywer in sy boek (wat ek moes uitgee) wou skrywe dat die Drie-eenheid net so onverstaanbaar is soos 1 maal 1 maal 1 is 1 — en dít klop tog rekenkundig! So die Drie-eenheid is tóg op 'n manier verstaanbaar — wou die skrywer sê wat sy aanhangers te verstaan gee dat hy internasionale erkenning geniet.

**God het Hom nie in die Bybel as 'n Drie-enige God geopenbaar sodat ons ons koppe oor die "bo-redelike leerstuk" moet breek nie.**

Gelukkig kon ek hom oortuig dat 1 keer 1 vanselfsprekend 1 is en dat daar niks opspraakwekkends met bewyskrag daarin sit nie.

Die skoolse benadering van hierdie leerstuk word voltooi as die Drie-eenheid met Bybeltekste "bewys" word. In die katkisasieboek waarna ek verwys het, met ongeveer 180 teksies uit die Bybel.

* * *

Ek het altyd probeer om slimmighede oor die Drie-eenheid te vermy. Vir myself het ek gesê: die dag as ek iemand op sy sterfbed met die leer van die Drie-eenheid kan troos, sal ek weet dat ek verstaan.

Met die "verstaan" het ek egter nie bedoel soos 'n mens verstaan dat 1 plus 1 plus 1 drie is nie, of dat 1x1x1 ook 1 is nie. Ek het bedoel: verstaan wat die Bybel daarmee bedoel.

Want een van die basiese eienskappe van die Bybel is dat hy verstaanbaar is, helder (claritas) nie duister (obscuritas) nie; en dat hy eenvoudig is (simplicitas). God kon Hom tog nie in drie Persone in die Bybel geopenbaar (nie verberg nie!) het, net om ons ons koppe daaroor te laat breek nie. Die Bybel is evangelie, blye boodskap, boek wat trane afvee, nie sweet veroorsaak nie.

En op 'n dag lees ek dit toe in 'n boek van dr. O. Noordmans, een van die grootste teoloë van ons eeu, en miskien die grootste Nederlandse teoloog tot nog toe. In geen opsig 'n gompotteoloog nie. Hy skryf:

**As spreek nie genoeg is nie (Vader)**
**dan kom Hy (Seun)**
**en as kom nie genoeg is nie**
**dan troos Hy (Heilige Gees)**

Dit sê nie alles nie, maar dit is die sleutel tot die verstaan van die Drie-eenheid of Drievuldigheid. Dit is nie 'n "begrip" wat ons koppe breek omdat dit ons verstand te bowe gaan, onbe-gryplik is, nie. Dit is die liefdesopenbaring van 'n gebroke God; die God wie se hart gebreek het oor die ellende van sy kinders — toe skeur Hy sy Eniggebore Seun van sy hart af (Joh. 1:18 O.V.) en stuur Hom as Redder na die mense toe, en toe die mense Hom doodmaak, toe red Hy hulle met hulle eie kruis, die kruis wat sy Seun gebreek het, en stort sy Gees as Trooster op hulle uit om hulle hande vas te hou tot die einde kom.

Dít is die evangelie van die Drie-eenheid. Daar is maar één God, één Wese, wat Hom in die loop van die heilsgeskiedenis (d.i. die heel-maak-geskiedenis) in drie Persone aan ons bekend gemaak het as ons Redder en Verlosser.

* * *

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/4 SEPTEMBER 1986

Nou terug na die Kategismus toe.

As gevolg van hulle sonde is al die mense op pad hel toe, maar toe stuit God met Christus hulle helleveaart en laat dié verlossing aan hulle verkondig deur sy boodskappers, sy evangelie(be)dienaars. Maar net dié wat glo word gered. Dis nie hulle glo wat hulle red nie, maar as hulle nie glo nie, sê hulle God lieg en loop willens en wetens weg hel toe.

Wat glo hulle?

Alles wat God in die evangelie aan ons beloof het. 'n mens glo tog beloftes, jy kan nie feite of waarhede, rasioneel of bo-rasioneel, glo nie — en hierdie beloftes het die kerk uit die Woord opgesom in twaalf artikels. (HK 7:23)

Nou vra HK 8:24: "Hoe word hierdie artikels ingedeel?" En hy antwoord: " In drie dele:
1. die eerste handel oor God die Vader en ons skepping;

2. die tweede oor God die Seun en ons verlossing;
3. die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

As spreek nie genoeg is nie, dan kom Hy; as kom nie genoeg is nie, dan troos Hy.

**As ons waarlik wil weet wat van die skepping oorgebly en geword het, moet ons nie in die magtige Drakensberge gaan stap nie, ons moet kyk na die duisternis om die kruis en na die mense wat smaal en vloek.**

Ons kom weer daarby uit, maar let intussen daarop dat God in die eerste artikel die Vader — van ons Here Jesus Christus, en deur Hom van ons — genoem word. Die eerste artikel staan nie los van die kruis nie. Die Bybel vertel ons van die skepping sodat ons kan agterkom van hoe hoog af ons geval het. As ons waarlik wil weet wat van die skepping oorgebly en geword het, moet ons nie in die magtige Drakensberge gaan loop nie, ons moet kyk na die duisternis om die kruis, na die doringtakke in sy kop en na die rotse wat skeur en die aarde wat skud. Maar meer nog: na die mense wat spot en vloek en Hom godslasterlikhede toesnou. Húlle, die mense, was tog die kroon van die skepping.

Dan eers begin ons verstaan.

Die heiligmaking deur die Heilige Gees, is ook nie iets apart nie. Die Heilige Gees, wat God self is, gee ons die verdienste van die kruis persent. Hy spreek ons salig en heilig. Hy "help" ons nie "op die pad na heiligmaking" nie. (Vgl. Boek IV,40 — dit is die dwaling van sinergisme.) Dat God ons help om onsself te help, is 'n baie onsuiwer voorstelling.

* * *

Vraag 25 vra waarom jy dan drie noem as daar net één Goddelike Wese is. En hy antwoord, baie eenvoudig, dat ons dit doen omdat God Hom (in die geskiedenis) so geopenbaar, bekend gemaak, laat ken het — dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is. Dit is: die God wat Hom oor sondaars ontferm het, uit louter genade, sodat álle eer vir ons verlossing en vir dié van die wêreld, alléén aan Hóm toekom. Alle eer. Soli Deo gloria.

# Sekte-idioom

So dikwels verwonder ek my aan die taal wat die sektes praat; en dan verknies ek my oor 'n klompie mense wat dink die kerk behoort ook so te praat.

In my besit is 'n transkripsie van 'n láng lesing (prating) wat 'n weerdoper oor die doop gemaak het. Hy is nie teologies geskool nie, maar juis daarom kom die ware gedagtes so onverbloemd te voorskyn. Byvoorbeeld:
* "Ons is almal deur een Gees gedoop tot een liggaam. Dit gebeur by wedergeboorte wanneer 'n mens jou lewe oopstel dat die Here beheer kan neem van jou lewe; die Heilige Gees intrek neem in jou hart." Sê wie? En die Bybel waar? Weergeboorte is iets wat God beloof en skenk en uitgiet soos olie oor ons. Om jou lewe "oop te stel" en dan agterna so hoog op te gee daaroor, oor jou oop- en instelling, is die dwaling van Arminius en halwe heidendom.

*"Want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee." (Gal. 3:27) Dit beteken: "Wanneer jy jou lewe oopstel en jy in die globale liggaam van Christus ingevoeg word, gebruik die Bybel die term om in Christus gedoop te word." Ek kan nie verstaan hoe iemand die waarheid presies so halfpad kan beetkry nie. Om gedoop te **word**, is tog passief. Niks demonstreer die passiwiteit van die doop so helder soos die onderdompelingsdoop nie. Jy **word** daar ingegooi, jy duik tog nie onder nie. Jy **ondergaan** die doop, jy **begaan** nie die doop nie. Hoe kan hierdie genadedaad van God nou gelykgestel word met "jou lewe

**Na. bl. 23**

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/4 SEPTEMBER 1986

# Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle

Hennie Möller

Die wêreld is siek. Die Bybel het dit lankal vir ons gesê. Van Adam af. In die tye waarin ons nou leef, is die simptome net duideliker.

God het egter nie die wêreld oorgegee aan die lot wat dit verdien nie. God het 'n wonderlike en grootse verlossing vir die wêreld bewerk. Hy het sy Seun gestuur. Dit was 'n geweldige prys, maar vir 'n uitsonderlike verlossing, 'n genesing. Dit maak mense nuut. God se koninkryk word herstel en word sigbaar.

As Christus vir ons sê: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook", is dit belangrik dat ons dit sal probeer verstaan. Daar sal diegene wees wat hierdie opdrag probeer ontduik deur te sê dat die opdrag slegs vir die apostels gegeld het. Maar kan God se sending by die dood van die eerste gestuurdes eindig terwyl God se stuur van sy Seun so 'n geweldige saak was en is? Ek glo u sal toegee dat dit darem minstens die kerk moet insluit. Maar dan sluit dit my en jou ook in.

Wat beteken hierdie stuur vir ons?

Dit word op baie maniere verstaan. As ons dit in verband bring met die sending, die stuur met die heilsboodskap in die wêreld, merk ons op dat dit dikwels slegs 'n minderheid in die kerk is wat hulle betrokke ag. Mense kry met goeie bedoelinge goeie redes om hulleself uit te sluit. Dit geld veral die tye wat ons nou beleef. Want daar is baie vrae oor die sending, en baie twyfel. Daarom plaas baie mense dit nie (meer) hoog op hul lys van prioriteite nie.

Ons kyk na enkele redes wat mense aanvoer om hulle te verskoon.

### * FINANSIEEL TE VEELEISEND. ONS HET REEDS GENOEG GEDOEN

Die R12 miljoen wat die NG Kerk jaarliks aan sending bestee, klink na baie. Maar is dit so veel? Van staatsweë word ons kwaai belas. Ek sal nie verras wees as die lidmate van Kameeldrif alleen R12 miljoen per jaar aan belasting betaal nie.

Die klagte van veeleisend raak ook die kerk as geheel. Vele gemeentes ondervind finansiële probleme sodat tereg gevra kan word waarom geld so 'n groot rol in die kerk speel. Die frustrasie van die sending op die oomblik is dat die kans om vir enige nuwe projekte fondse te verkry, feitlik nul is.

En tog is dit God self wat beskik het dat geld so 'n belangrike rol in die kerk speel. In die Ou Testament het God self beveel dat die volk sy tiende moet bydra.

In die Nuwe Testament word dit nie letterlik herhaal nie, maar die offer aan die Here en sy kerk kry 'n baie dieper betekenis. Die Here weet dat om te eet en om aan te trek die grootste prioriteit is vir die onbekeerde mens. Met ander woorde geld, en wat geld kan doen, word vir die mens sy belangrikste aardse koninkryk. Die gelowige se bekering word egter juis gesien in hoe hy met die geld, wat ook vir hom belangrik is, werk. Vir hom geld ook dat hy moet eet, drink en aantrek, maar sy rangorde van die belangrikste is anders. Hy kyk op na die Gewer van alles. Hy kyk op met dankbaarheid om juis uit sy geld 'n dankoffer aan God te gee. Vir hom moet hierdie offer 'n kosbare deel wees uit wat hy ontvang het, terwyl hy dit ook gereeld doen, telkens as hy geoes het. Dit is wel waar dat die gelowige dit dikwels nie regkry om sy geld so te hanteer nie, en daarom is dit nodig dat Hy ons voortdurend daaraan moet herinner. Om die werk in sy koninkryk ook van my bydrae afhanklik te maak, is God se genadige manier om my te help om voortdurend myself weer te ondersoek ondanks my finansiële situasie; om op te kyk en God met my dankoffer te eer. Dit help om my geopende oog vir die koninkryk van God skoon te kry en my regte verhouding tot geld te bewerkstellig. Ja, soms moet God ons drasties aanspreek as hierdie verhouding nie tot stand wil kom nie. So het Christus die ryk jongman aangespreek en aangesê om álles wat hy besit te verkoop en die geld weg te gee. Hy was 'n simbool van sukses in sy eie oë, maar in werklikheid was daar 'n baie groot skroef by hom los. By wie van ons is daar nie ook maar 'n skroef los — tot God dit weer vasdraai nie.

**Ons kan baie dankbaar wees dat God geld gemaak het waarmee ons selfs sendingwerk kan doen. Geld maak dit soveel makliker.**

As ons na die kerk kyk, sou gesê kon word dat ons taamlik goed vaar. Maar verteenwoordig dit wel daardie kosbare beste deel uit dankbaarheid aan God? Dit is bes moontlik dat ons met sulke bydraes eintlik ingestel kan wees op ons eie gemeentebehoeftes en dat 'n gemeente soms verplig moet word om sy bykomende deel te doen. Hoe vaar ons as gemeente met ons bydraes aan die Here as ons dit moet meet aan die maatstaf van die opdrag in ons teks? Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. Hoe raak dit ons gestuurdheid in 'n wêreld wat dodelik siek is? Spreek die dringendheid van die nood in die wêreld ons aan om ewe dringend op te staan en te gaan?

**Daar is tans baie vrae oor die sending en baie twyfel. Baie mense wonder of dit ooit die moeite werd was.**

Die nood kom op baie maniere om aan ons deur te klop. Dit is dan ook lankal reeds uitgemaak dat sending nie maar net woordverkondiging is nie. Woordverkondiging is baie belangrik, maar daarmee saam gaan ons verpligting om te gee. Vir mense om te gee, liggaamlik en geestelik. Hongersnood en armoede neem nie af nie. Inteendeel. Uit ondersoeke blyk dat 40 persent van die Kleurlingbevolking aan 'n armoede-"kultuur" ly. Mense wat in hierdie omstandighede leef, leef net van dag tot dag sonder om stabiele gemeenskappe te vorm. Sonder om aan môre te dink. Sonder eie pogings tot selfverbetering of ontwikkeling van verantwoordelike leierskap. Dit is voorwaar 'n groot saak wat ook elders in Afrika voorkom en ook by 'n groot deel van die Swart bevolking.

'n Interessante aspek kan bygevoeg word in die lig van die bewering dat die gemiddelde Amerikaner vandag 50 maal soveel uit die natuurlike hulpbronne van die aarde verbruik as bv. 'n mens in Indië. Miskien getuig dit daarvoor dat die Amerikaner sy talente as rentmeester goed gebruik het, maar het hy dit gedoen om beter dienskneg te wees en beter vir ander om te gee?

Maar daar is rede om te glo dat daar baie gelowiges is wat bereid is om te gee, en baie te gee. Uit die getuienis van nie-kerklike organisasies blyk dit ook. So is daar beweer dat Wêreldvisie jaarliks omtrent drie en 'n half miljoen rand as donasies van NG lidmate ontvang. Dit kan wees dat sommige verkies om elders te gee omdat hulle nie vrede het met hoe hulle eie kerk sy sake bedryf nie. As dit so is, dan moet ons met mekaar praat en die kommunikasie herstel.

## DIE EVANGELIE IS REEDS ORAL VERSPREI, VERAL IN SUID-AFRIKA

Daarmee word bedoel dat dit nou nog net 'n persoonlike saak is waaroor elkeen self besluit.

Dit is inderdaad waar dat die boodskap reeds ver gegaan het. In SA is die posisie ook so dat twee uit elke drie persone wat volgens sensussyfers sê dat hulle Christene is, swartmense is.

Tegnies-wetenskaplik het die mens baie goed presteer, maar hoe pas die Goeie Nuus, die Evangelie, hier in? As ons Sondag vir Sondag ons sonde bely saam met die aankondiging van vergifnis; as ons by elke doop weer bely dat die mens aan die verdoemenis onderworpe is tensy hy weer gebore word, is die boodskap werklik ons erns? Is ons ellende buite Christus werklik so erg? Glo ons dat hierdie boodskap dié heil van die wêreld is?

Dit bekommer ons as ons hoor dat 1,8 miljoen mense jaarliks in Europa die kerk verlaat. Of minstens 1 miljoen in die VSA. In die Ooste word weer van 32 miljoen gepraat wat jaarliks by die Christendom bykom, en van 6 miljoen in Afrika. Is ons nog gemotiveerd deur die Goeie Nuus wat ons het? Of sit ons soos Moses in die woestyn — baie verbaas dat God ons wil stuur? Of soos Elia onder die besembos — wat glo dat alles eintlik maar verby is?

Dit is werklik nodig dat ons mekaar weer bring by die wonderlike boodskap wat ons het en ontdek wat die betekenis daarvan vir vandag is. Wat dit beteken vir die Swart- en die Witman van vandag. Nie net praatjies nie, maar die krag van God tot saligheid.

Is u en ek draers van hierdie Boodskap waarmee Christus ons ook stuur?

**Spreek die dringendheid van die nood van die wêreld ons aan om ewe dringend op te staan en te gaan waarheen God ons stuur?**

## DIE HUIDIGE NOODTOESTAND BEWYS DAT DIE SENDING MISLUK HET

Kyk na die swak resultate van die sending. Ons kan nou ook in elk geval niks doen nie. Die staat en die polisie moet maar toesien. Hoor net wat selfs kerkleiers skree.

Hoor wat skree swart jongmense. Hulle skel die ouer mense uit dat hulle verslaaf geraak het aan die swart boek. Baie onder die jong swart mense is oortuig daarvan dat die kerk met sy Bybel niks werd is nie. Dit is waar dat daar 'n groot geloofstryd aan die gang is in die meeste swart woonbuurte, veral in die stede. Dis 'n geweldige stryd. Daar is mense wat sê dat die groot stryd van die wêreld eintlik die groot stryd tussen Marxisme en Christendom in die Derde Wêreld gaan wees. Is dit nie deel van die

stryd wat ons nou reeds in die swart woonbuurtes van SA sien nie? Baie twyfel en vrees en is onseker. Hulle is ook moedeloos met hulle kinders. Is dit 'n verlore stryd? Ek glo nie, want is dit dan nie ook God se stryd nie.

**Volgens sensussyfers is twee uit elke drie Christene in Suid-Afrika swart.**

Die kerklike werk gaan nog redelik normaal voort. Die mense gaan nog kerk toe op Sondae en dit geld ook die jeug. Ek is wel bekommerd oor die boodskap wat sommige daar kry. Het die predikers waarlik die Goeie Nuus vir die huidige situasie verstaan? Hierdie stryd is ook die Wit Christene se stryd en onderlinge voorbidding maar ook bewuste onderlinge ondersteuning is nou geweldig belangrik. Geen Christen het nou die reg om te sê dat hy hom mag onttrek omdat hy nie saamstem nie. Onlangs het die jongmense van 'n gemeente in Mamelodi aan my vertel dat hulle nog weekliks bymekaar kom vir Bybelstudie. Maar hulle vraag was: Wanneer gaan jy kom om ons te kom help? Die vroeë Christelike kerk was nie baie ywerig om die Goeie Boodskap verder te versprei nie. Dit het 'n vervolging gekos om hulle te laat vlug en te versprei om so ook hulle getuienis uit te dra. Sal God ook hierdie metode moet aanwend om ons te kan stuur?

## * ELKE VOLK VIR HOMSELF

Daar is dié wat sê dat ons nou eerste aan onsself en ons identiteit moet dink. Ons moet geledere sluit en onsself versterk.

Ons weet dat verhoudinge belangrik is, en dit geld ook die verhoudinge tussen swart en wit Christene.

Een van die aangrypendste boodskappe oor die saak van uitsluiting van sommige, kom vir my uit die geslagsregister van Jesus. Hier demonstreer God op 'n besondere wyse hoe Hy skeidsmure tussen mense afbreek. Die geslagsregister het 'n paar foute want 'n paar konings waarvan ons weet uit Dawid se nageslag ontbreek daarin. Name van konings soos Ahasia, Joas en Amasia. Maar daar is wel 'n aantal vroue ingesluit wat met ons praat.

Tamar, die skoondogter, wat bloedskande met haar skoonpa gepleeg het, word ingesluit. Ragab, die hoervrou wat ons nie graag in ons familie sal wil noem nie, is ingesluit. In Deut. 23:3 staan dat geen Ammoniet of Moabiet in die vergadering van die Here mag kom nie, selfs nie sy tiende geslag nie. Die ongelowige is in die vergadering van die gemeente van die Ou Testament uitgesluit. Die teks kan vadag ook op verskillende maniere gebruik word, maar op één manier leer God ons om dit nie te gebruik nie. Dit is in die geslagsregister. God self sluit Rut, die Moabitiese, in in die geslagsregister van ons Verlosser. Ook Bateseba word ingesluit.

As die afbreek van skeidsmure nie hieruit na vore kom nie, dan sal niks anders op aarde dit kan bewerkstellig nie. Die groot boodskap hieruit praat net van genade en genade en genade.

Nog nooit was die noodsaaklikheid van nouer kontak tussen alle gelowiges, veral oor die kleurskeidslyn meer nodig as juis nou nie. Die stryd tussen lig en duisternis vereis dit.

Dit klink ongelooflik dat God ons kan vertrou met hierdie groot sending. Hy vertrou ons met die Goeie Nuus wat ons moet uitdra. Hy vertrou ons met sy kerk en om om te gee vir mense. Hy vertrou ons met talente en gawes, en geld, maar Hy gee ook genadiglik 'n belofte.

Hy sal ons gewillig en bekwaam maak om sy plan uit te voer. (Filip. 2:4) Het ons werklik rede om onsself uit te sluit as Hy sê: soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook?

**Daar is mense wat bitter spyt sal wees as die wegraping plaasvind en al die Swartes gaan skielik hemel toe. Dan is hulle beste verskoning om nie dankoffer te gee nie, daarmee heen. "Julle gee mos alles vir die Swartes!"**

**Van bl. 24**

**DIE TYDING**

hoor dit en kom uit die kamer uit. Sy sit haar arm om jou skouers. Die seuntjie se handjie vroetel deur jou hare.

Dan word dit rustiger in jou. God is by jou in haar, in hulle liefde.

Jy kyk na haar, na hulle, na die brose liggaampie op jou skoot.

Jy moet aangaan. Ter wille van haar, en van hom — met sy ongeneeslike siekte.

**OU UITGAWES BESKIKBAAR**

Al die vorige uitgawes van SWART OP WIT is permanent beskikbaar teen die volgende pryse: jg 1/1 en 2: R2-20 elk; jg 1/3: R3-05; jg 1/4: R2-95; jg 1/5: R2-50; jg 2/1-3: R2-95 elk. Totaal: R21-75.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/4 SEPTEMBER 1986

# JESUS EN DIE VROU IN DIE MANDJIE

**Sagaria 3; 5:5 — 11**

Ek was by Paul van Zyl, Oom Paul van Zyl, ons skriba. Broer Paul van Zyl is seker die bekendste gemeentelid by ons. By oud en jonk bekend. En een van die hardwerkendstes.

Ek was by hom in die Zuid-Afrikaans, na 'n gróót en ingrypende operasie. Toe sê hy: dit is waar, dit is waaragtig waar dat ons net van genade lewe; genade alléén, sola gratia. Maar, voeg hy toe by, jy moet daarby sê: God alleen, ook. Anders kan jy 'n groot klomp nonsens praat.

Dit is so waar. Hy het dit so helder gesien. As jy net sê alles is genade, kan jy nog sê dis net God se genade wat maak dat jy so vroom is, so 'n goeie mens, van wie God so baie dink. Maar as jy langs die sola gratia, ook solus Christus, Christus alléén, sê, dan bly die mens 'n sondaar — wat net van genade lewe. God het ons met Christus gered. Géén mens het Hom gehelp nie. Veral nie jyself nie. Só is ons deur God se genade gered.

* * *

Dit staan die hele Bybel vol; selfs al in die Ou Testament. Die Nuwe Testament bring eers die volle lig — as Jesus (Aramees: Jesua) op die kruis vir die sondaars sterf — maar dit staan ook al in die Ou Testament. Byvoorbeeld in die twee uitsonderlike gedeeltes wat ons hierbo afgedruk het.

Sagaria sien in 'n gesig, 'n visioen, die priester Jesua voor God staan met smerige klere aan. "Liederlik bevuil" sê die Nuwe Vertaling. En die Satan staan langs hom en kla hom by God aan.

Die Satan het rede om hom by God aan te kla, want die vuil aan sy klere is sonde.

Die Here ontken dit ook nie. Nie eens soos by sy kneg Job nie. Die Here sê nie vir die Satan: nee, jy maak 'n fout, dis eintlik 'n goeie man dié nie. Die Here sê die vuil aan sy klere is roet van die vuur. Hy is soos 'n stuk brandhout uit die vuur geruk. **Ek** het hom gevang toe hy hel toe val.

Swyg Satan! Ek sal jóú straf Satan! Wyk Satan!

En dan gee die engel van die Here opdrag aan die helpers in die hemelse paleis van God in Sagaria se visioen — om vir Jesua skoon klere te bring. Soos die Vader met die Verlore seun gemaak het. Gód maak hom skoon. Gód ruk hom uit die vuur; Gód trek hom oor aan; Gód verdedig hom selfs teen die duiwel.

Dít is genade. Eensydige genade. Genade kan nie anders as eensydig wees nie. Nét genade. Maar ook: Nét God. God be-genadig Jesua, sonder enige meriete.

* * *

En dan praat God deur Sagaria oor die kruis — al weet selfs Sagaria nie presies wat hy praat nie. Hy sê: "Ek gaan die sonde van hierdie land op een enkele dag wegneem." Dit beteken: Ek gaan 'n streep deur die sonde trek; ek gaan dit uitvee. Al was die sonde so skel en skreeuend soos skarlaken en purper, knal-rooi, Ek gaan dit wit maak soos wol en sneeu — op één dag. Ek gaan die saak uit die weg maak. Ek en die mense gaan die saak uit-maak, uitroei. Ons gaan sê: Dit behoort tot die verlede.

U sien, dít is genade. God sê Hý gaan dit doen.

Hy gaan dit met jóú ook doen. Hy het jou soos 'n stuk brandhout uit die vuur geruk. Al is jou klere swart bemors, Hy gaan vir jou nuwes aantrek.

Waarom sal Hy dit nie kan doen nie? Waarom sal Hy dit met Israel kan doen, en kon doen, maar nie met jou nie? Waarom sit jy daar by jouself en dink dat jou sonde te groot is?

> **" 'n Mens kan sê dat alles net genade is maar as jy nie daarbý sê 'God alléén' nie, kan jy nog 'n groot klomp nonsens praat."**

Weet u met watter Israel Sagaria praat?

Hy praat met die oorblyfsels van Israel na die ballingskap; die toiïngs, die vodde, die skaduwee van die volk van weleer.

Hy praat met die kinders van Abraham en Isak en Jakob, wat Josef, hul redder, as slaaf vir Egipte ver-

koop het, en toe Jakob in Egipte sterf, in gewone platvloerse ongeloof vir mekaar gesê het: "Nou gaan Josef ons doodmaak!" — sodat Josef daarvan (weer) in trane uitgebars het.

Hy praat met die nageslag van die mense wat male sonder tal te kenne gegee het dat hulle nie uit Egipte gered wou gewees het nie — wat wou terug na die vleispotte van Egipte — en wat 'n kalf geloof en aanbid het as hulle redder, terwyl God besig was om die Tien Woorde van sy Verbond met sy eie vinger in klip te skrywe. (Dit is 'n skandalige gebeurtenis wat net deur die kruisiging van Jesus oortref word.)

Hy, Sagaria, praat met die kinders van Israel, wat die Beloofde Land toe geërf het en toe 'n soort samelewing daar opgerig het wat in primitiwiteit en barbaarsheid nie vir die swakstes van Afrika agteruit staan nie. Die volk vir wie God toe 'n Dawid en 'n Salomo gegee het, maar wat onmiddellik daarna in twee geskeur het na 'n obsene uitspraak van Rehabeam oor sy vader Salomo se lendene.

En toe het al die ellende van die koningstydperk gevolg, ondanks die profete van God wat aanhou waarsku, al die eeue deur, en ondanks die voorbeeld van die Tienstammeryk wie se onafhanklikheid in die 8ste eeu voor Christus al vernietig is. Totdat God dit nie langer kon aanskou nie, en ook Juda, sy oogappel, sy bruidsvolk, verneder het en soos bandiete in kettings laat wegstrompel het na die ver land Babel, ook genoem die land Sinar.

Daar was, voor die finale vernietiging van stad en tempel, twee deportasies van duisende Jode. Die profeet Esegiël het aan die Kebarkanaal die Woord van die Here bedien aan sommige van die vooruitballinge van die eerste deportasies. Hulle het sy woorde verwerp. Hy het gesê hulle moenie hul hoop meer en weer op Jerusalem bou nie, Jerusalem gaan vernietig word, maar hulle het hom hardkoppig uitgelag — tot sy vrou aan Esegiël se bediening gesterf het.

Sagaria praat met hiérdie mense. Hierdie mense met die vuil klere en harde harte. Die mense wat, toe hulle na 'n paar dekades deur God begenadig word, teruggegaan het na die Beloofde Land, net 'n entjie aan die tempel herbou het, en die werk toe gestaak het en ewe selftevrede in hulle eie ordentlike (betimmerde) huise gaan woon het. Daaroor kan u alles lees in die boekie van Haggai, die tyd- en ampsgenoot van Sagaria. Die mense wat nie verstaan waaroor dit gaan nie, en enkele jare later vir Maleagi, die laaste profeet, sou sê: God het verander. Waar is God nou? Hoekom help en red Hy ons nie?

Sagaria en God sê vir die duiwel: Ek weet hulle klere is vuil, selfs hulle priesters, hulle Hoëpriester s'n. Ek sal jóú daarvoor straf, dis jóú skuld. Ek sal húlle skuld op één dag wegneem. Met één vee van my hand.

Waarom sal God dit nie met jóú ook doen nie?

* * *

Spring ons nou oor twee van Sagaria se visioene, dan beantwoord sy sewende visioen die vraag: Waar gaan God met hierdie sonde heen? Wat word van die vuil klere van Jesua? Wat maak God met die snot en trane wat Hy afvee van sy vuil kinders af; sondaars is hulle, huigelaars, God-en-mekaar-haters. Mense wat nie wil hê dat hulle sonde by lelike name genoem moet word nie; wat gesteurd aanstoot neem.

**Wat doen God met al die vuil klere wat Hy vervang en met al die trane wat Hy van ons vuil gesigte afvee?**

God gooi die vuil klere, en besmeerde waslappe in 'n vuilwasgoedmandjie — met 'n swaar looddeksel. Sagaria sien, en sê: Die sonde hurk daar in die mandjie soos 'n slet. As iemand die deksel oplig om daarin te loer, wil sy uitspring, soos die ongediertes in Pandora se doos, maar die engel van God stamp haar terug, en druk die deksel dig. God wil niks meer van die sonde weet nie. Hy het daarmee klaargespeel. Verseël, met lood, soos die lyk van iemand wat aan 'n aansteeklike siekte gesterf het.

Jóú sonde is ook daarin. Kyk self, dit staan in 5:6: "Dit bevat die sonde van almal op aarde."

En dan neem God ook die mandjie weg. Hy wil dit nie weer sien nie. Hy wil nooit weer daaroor dink nie. Twee vrouens — want nie alle vrouens is sleg nie — vlieg daarmee weg na die land Sinar, dit is Babel, bose land van ballingskap en sonde, waar sonde hoort. Babel, Egipte, Sodom — daar waar ons Here gekruisig is.

En hulle messel die sonde toe in 'n sarkofaag, 'n piramiede, 'n graf — ses voet onder die grond — waaruit dit nooit weer sal kom nie.

Dít is God se genade. Gód wat red. Genade is nie iets waarmee mense wat dink dat hulle beter as ander is, hulle rûe kan krap nie. God red sondaars. As ek dit nie duidelik genoeg gesê gekry het nie, gaan vra vir Paul van Zyl. Hy het dit aan sy lyf gevoel.

En só praat God al van die kruis in die Ou Testament. Sy magtigste reddingsdaad ooit: Toe Hy op

één dag die sonde van die hele wêreld weggeneem het, en dit in Jesus, die sondelose Jesua van die Nuwe Testament, se bedompige graf laat agterbly het.

* * *

Het u met u vuil hande en harte kerk toe gekom? Onder u mooiste klere?

Kyk, God stuur u skoon weg. Silwer skoon. Vry gespreek en gepreek. Begenadig. Gered. U mág dit glo. Trouens, glo is al wat u daarmee kan doen. Sola fide.

Wat gaan u daarmee doen?

Gaan u maar weer soos gister en eergister aanploeter? Of gaan die sagtheid van hierdie evangelie in u hart begin regeer? En uitgroei na u vingerpunte en u stem?

In 3:7 sê God van Jesua: As jy lewe soos Ek wil, sal jy gesag hê oor my huis. Nou dat jy skoon klere aan het.

God wil hê u moet lewe soos Hý wil. U moet ook liefhê.

Glo u hierdie evangelie? Van die vuil klere wat skoon geword het, en van die sonde wat weg is, weg, weg, ver weg?

Dan moet u liefhê. Dan móét u dank aan God offer. U kan nie anders nie. As u dit nié doen nie, is u geloof dood. Dan lieg u.

U moet dank offer — al is dit net met u stotterende gebede.

As u dit nie doen nie, as u voortlewe in u selfvoldane ongeloof, sal u saam met u sonde hel toe gaan.

Maar, broers en susters, ek is van u van beter dinge oortuig. U sal tog nie die reddende genadehand van God wegklap nie? U sal dit tog nie doen nie? U sal tog nie so dom wees nie?

---

# Die misbruikte Joh. 1:12

Joh. 1:12 kan seker aanspraak daarop maak dat hy die mees misbruikte teks in die Bybel is.

Dr. Ben du Toit van Stellenbosch het in Die Kerkbode van 30 April 1986 'n baie mooi uiteensetting gegee van wat dié teks eintlik beteken. Hy skryf:

**"Joh. 1:12 stel nie die saligheid afhanklik van die mens se daad van aanname nie. Om die waarheid te sê, hierdie vers sê juis die teendeel.**

**In Joh. 1:11 sê Johannes dat Hy (Jesus) na sy eiendom gekom het en dat sy eie mense hom nie eens aangeneem het nie. Trouens, dit is net dié aan wie God die mag gegee, wat Hom aangeneem het. Wat meer is, Johannes sê dan in vers 13 ons het hier nie te doen met 'n geboorte uit die bloed of natuur of die wil van 'n man nie, maar met 'n geboorte uit God. Hier is dus geen sprake van 'n menslike prestasie nie. Ook die mens se daad van aanname is 'n suiwer genadwerk van God alleen in en deur die mens.**

**Die groot probleem met die verkeerde gebruik van Joh. 1:12 het te doen met die unieke skryfstyl van Johannes. Hy maak hier gebruik van 'n konstruksie wat bekend was in die Griekse skryfstyl van destyds. Hy gebruik dit nie minder nie as 27 keer in sy evangelie. Hiervolgens word 'n woord of frase uit sy normale plek in die sin geneem en vooraan geplaas. So is in vers 12 die frase "soveel as wat Hom aangeneem/ontvang het", wat 'n uitbreiding by die indirekte voorwerp van die sin ("aan hulle") is, vooraan geplaas. Dit is waarskynlik om aan te sluit by vers 11.**

**Die hoofsin in vers 12 is die volgende: HY (onderwerp) HET GEGEE (werkwoord) MAG om kinders van God te word (voorwerpsin) AAN HULLE (indirekte voorwerp). Die res van vers 12 sowel as die hele vers 13 is verdere uitbreiding of verduideliking by die indirekte voorwerp. Die handelende persoon hier, is dus God self. Hy, en Hy alleen gee aan 'n mens die mag (reg) om 'n kind van God te word of om Jesus aan te neem. 'n Mens kan dus nie Joh. 1:12 gebruik om te sê 'n mens kan net 'n kind van God word as jý Jesus aanneem nie. Dan verskuif jy die hoofaksie en die klem na die mens en wat hy doen, en dit is nie Johannes se bedoeling nie.**

**'n Mens kan wel Joh. 1:12 gebruik om te sê: 'n Mens kan slegs vir Jesus aanneem as Gód jou die**

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/4 SEPTEMBER 1986*

**mag gee. Dan lê die klem op die regte plek en kry God die eer wat Hom toekom met betrekking tot die redding van die mens. 'n Mens word dus in die kern van die saak nie 'n kind van God as jy Hóm aanneem nie, maar as Hy jóú aanneem. Jy kan Hom net aanneem as Hy jou klaar aangeneem het, en dit daarom deur sy Gees in jou hart werk om sy genade aan te neem en te glo — en dit is net genade.**

**Die Skrif stel dit so op baie ander plekke — bv. Rom. 8:15; Gal. 4:5; Efes. 1:5; Heb. 12:6; Tit. 2:5; Efes. 2:8; Rom. 3:24; 5:8,9; 9:32.**

Ons is dr. Du Toit dankbaar vir hierdie helder en eenvoudige uiteensetting. As almal dit maar wou lees en wou verstaan. Een van die grootste probleme in die kerk is mense wat nie wil verstaan nie.

Ek sou graag, aanvullend, wou wys op twee gevare. Dit is moontlik dat mense twéé foutiewe interpretasies aan dr. Du Toit se duidelike uitleg kan gee.

* Die eerste is dat aangesien dit Gód is wat ons die mag gee om Jesus aan te neem, ons nou maar moet wag tot Hy dit eendag doen. Die dominee kom dan net so jaarliks langs om te hoor of daar al iets gebeur het, en as ons sê nie sodat ons iets kon agterkom nie, dan sê hy: toemaar, moenie ongeduldig raak nie, dalk gebeur daar hiérdie jaar iets.

* Die tweede, en mees voorkomende gevaar, is dat mense sê: Ja, natuurlik weet ons dit is God wat ons in staat stel om te glo en Jesus aan te neem — alles is net genade — maar ons kan nie maar agteroor sit nie. Ons moet die mense aanspoor om Jesus aan te neem. Ons moet alle moontlike druk op hulle plaas om Jesus as Saligmaker aan te neem. En as hulle dit gedoen het, en gered is, dan vertel ons hulle die geheim: Dit was eintlik nie jyself nie, eintlik het God jou in staat gestel om aan die vereiste wat Hy stel, naamlik bekering en geloof, te voldoen.

Albei hierdie afleidings is baie verkeerd. Die eerste is die dwaling van die quietisme en die tweede van die ganse Roomse teologie — wat verband hou met hulle opvatting van ingestorte genade (gratia infusa).

Joh. 1:12 is in wese 'n **belofte.** God belowe aan ons dat Hý ons sy kinders sal maak (en op Golgota gemaak het) toe en omdat ons nie kon en kan nie. Hy belowe sy trou aan ons — dat al sy heilsweldade op óns, op mý, van toepassing is. En ons **glo** hierdie belofte. Dat God ons in staat stel om te glo, dat Hy ons máák glo, gebeur nie onder narkose buite ons bewussyn om nie. God máák ons glo met die evangelie. Dit het God behaag om deur die dwaasheid van die prediking dié wat glo te red. God hamer so volhardend met sy evangelie op die deure van ons hart, dat Hy ons oplaas daarmee oorrompel, en dan glo ons.

En wat is die inhoud van dié evangelie, die vreugdeboodskap, wat aan ons gepreek word? Dat Jesus ons op die kruis eens en vir altyd gered het en ons weer kinders van God gemaak het. Dít is wat ons aanneem: Christus met ál sy weldade.

Van bl. 16

## SEKTE-IDIOOM

oopstel"? Weer eens: Ons identifiseer ons nie met die doop, of met wat ook al, met Christus nie. Hy het Hom met óns geïdentifiseer — 1 Kor. 1:30. Trouens, Paulus se hele betoog aan die Galasiërs is dat as mense meen om aan sekere voorwaardes te voldoen, dan het hulle van die genade verval, dit verbeur (5:4), en het Christus verniet gesterf. (2:21)

* Maar die treffendste voorbeeld van die sektariese idioom wat ons agterna-papegaai, staan in verband met Heb. 10:22. "Laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water." Hiervan sê ons weerdoper-vriend: "...Geheilig van 'n slegte gewete. Die gewete is gereinig, **ek het gedoen alles wat God my beveel het om te doen en gevra het om te doen** en vir daardie rede kan ek nou toetree met vrymoedigheid na die troon van genade." Let nogal op die "alles".

Ps. 73 skiet my te binne: "Die trots is om hulle soos 'n halssieraad."

Die Hebreërbrief-skrywer betoog presies andersom: "Ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom... Hierdie weg het Hý vir ons gebaan. (10:19,20) Ons gewetes is van skuld gereinig nie deur wat óns gedoen het nie, maar deur wat Hý gedoen en vergewe het. 1 Joh. 3:20 beaam dit welsprekend.

Spaar tog nou die asem om ons van "objektiwisme" te beskuldig. As ons hoor en glo wat Jesus Christus álles vir ons gedoen het, wil ons ons álles aan Hom toewy.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/4 SEPTEMBER 1986

# DIE TYDING

Klasie Steenkamp

Jy voel hoe jou hele liggaam koud word. Dan begin jou hart onstuimig klop, met die waarskuwing van pyn. Die bekende pyn. Dis 'n stil aand in die vakansie-oord. Die dennebome staan trots op aandag soos vingers wat na die sterre wys. Na die hemel. Maar jy sien niks raak nie. Die skokkende tyding het ook die dennebos stil gemaak. Daar is geen luggie wat deur die dennenaalde suis nie. Dit lyk of die elektriese liggies wegkruip agter die bome.

Jou mond is droog soos kurk. Jy leun teen 'n boom. Jy het 'n stut nodig.

"Nee, nee, dit kan nie wees nie. Dit kan nie waar wees nie. Dis 'n fout." Jou tong kraak taai oor jou lippe.

"Ek is jammer. Dit was 'n koeël uit 'n Russiese tenk — wat die ratel getref het. Ses het gesterf."

Jy hoor niks meer nie. Jy loop weg van die kapelaan af, wat vat-vat na jou arm, met 'n flou "dankie".

Dit voel of jy moet hardloop. Jý moet vir haar sê. Jy alleen.

Sy slaap seker al. Sy wat vandag so stil en anders was, asof iets haar neergedruk het.

Sy maak haar oë oop. Jou bleek en vertrekte gesig vertel haar vooruit.

Jy snik, en sak op die rand van die bed neer en gryp haar vas in jou arms.

"Hulle het kom sê... hy's dood... 'n vuurpyl... "

Sy raak bitterlik aan die huil. Dis asof sy met haar kerm en kreun weer geboorte wil gee aan 'n kind.

"Ek het gevoel daar gaan iets gebeur... die hele dag... gister... Nou sal ons hom nooit weer sien nie." Sy druk haar kop in die kussings en huil asof sy nooit weer sal ophou nie.

Die kapelaan kom nader. Hy gee haar 'n handdruk. "Ons innige meegevoel Mevrou." Hy doen 'n gebed.

Eers as hy weg is, besef jy dat jy nie sy naam gevra het nie.

Jy weet net een ding: jy moet nou optree. Jy moet iets doen.

Maar in die oord is niemand bekend nie. Vakansiegangers sit nog buite by vuurtjies en lag luid en vrolik. Hulle weet nie van jou en haar pyn nie.

God? Weet Hy?

Hulle het dan elke dag gebid? Wat het van jou gebede geword? Het God dit dan nie gehoor nie? Het jy te swak gebid? Was jy nie 'n goed genoeg pa vir jou seun nie? Wil God jou op hierdie manier bykom?

Die gedagtes word te veel.

Jy moet bel; jy moet laat weet.

Jou hande bewe in die telefoonhokkie.

Voor jy praat moet jy diep asemhaal. Die pa van 'n seun wat vir sy land gesterf het, mag nie huil nie.

As jy by die woonstel terugkom, is die eerste familiemotor reeds daar. Dis asof al jou krag gedreineer het. Die pyn is weer skerp in jou bors, en jy onthou dat jy nie 'n pil gedrink het nie.

Die familie se handdrukke is stewig, hulle oë op die grond. 'n Skoonsuster druk haar huilend teen jou vas.

Iemand maak tee en koffie.

Jy sit woordeloos inmekaar in 'n stoel. Dis stil ten spyte van al die mense.

Waarom Here, waarom moes dit met ons gebeur? Hy was nog so jonk en sterk. So vol ideale. Jou gedagtes begin hand-uit ruk.

Dan hoor jy die geskuifel, en kyk op. Jou tengerige jongste klim op jou skoot en lê met sy koppie teen jou bors. In sy handjie is 'n stukkie papier.

"Vir my Pappa: Die Here is ons herder; ons kom niks kort nie."

En dit breek in jou soos 'n damwal wat meegee voor stormwater. Die eerste keer huil jy ook. Sy

**Na. bl. 19**